

**'N VERGELYKING VAN VEERKRAGTIGE EN NIE-VEERKRAGTIGE
ADOLESENTE TEN OPSIGTE VAN BESKERMENDE FAKTORE**

deur

Bianca Schlebusch

Hierdie verhandeling (in artikelformaat) is voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die
graad

**MAGISTER ARTIUM
(VOORLIGTINGSIELKUNDE)**

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Sielkunde

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

Bloemfontein, Suid-Afrika

Studieleier: Dr. A. Botha

Augustus 2015

VERKLARING

Ek, Bianca Schlebusch, verklaar hiermee dat die artikel deur my ingehandig vir die graad Magister Artium (Voorligtingsielkunde) in die Fakulteit Geesteswetenskappe my eie onafhanklike werk is, en nie voorheen deur my by 'n ander universiteit of fakulteit ingedien is nie. Verder staan ek kopiereg van die artikel af ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Bianca Schlebusch

Datum

DANKBETUIGING

My opregte dank aan:

- My Hemelse Vader wat my die geleentheid, genade en krag tydens my studies voorsien het.
- My ouers, Danie en Elize, en broer, Ruaan, vir hulle voortdurende en heelhartige aanmoediging, begrip en motivering om my studies te voltooi. Sonder hulle sou dit nooit 'n werklikheid kon wees nie.
- Roan, vir sy liefde, ondersteuning en geloof in my.
- My studieleier, dr. Anja Botha, vir haar entoesiasme, aanmoediging, en uitstekende leiding. Verder, vir haar passie en bereidwilligheid om haar kennis en kundigheid te deel. Dit was werklik 'n voorreg om onder haar leiding te werk.
- Die skoolhoofde, onderwysers en leerders in die skole van die Vrystaat wat deelgeneem het aan die projek.
- Elmarie Viljoen-Massyn vir die noukeurige taalversorging.

B. Schlebusch
Bloemfontein
Augustus 2015

Inhoudsopgawe

Opsomming.....	1
Abstract.....	2
Literatuuroorsig.....	3
Middel-adolessensie.....	6
'n Normale ontwikkelingsperspektief op veerkragtigheid.....	7
Die drie-faktor-model van veerkragtigheid	8
'n Sin van bemeestering	8
'n Sin van verwantskap.....	9
Emosionele reaktiwiteit	9
Modelle van veerkragtigheid	10
Die beskermende-faktor-model	11
Die beskermende-stabiliseringsmodel.....	11
Die beskermende-reaktiewe-model	11
Die beskermende-beskermende-model.....	12
Sterktes (bates) as beskermende faktore.....	12
Intrapersoonlike sterktes	12
Interpersoonlike sterktes	13
Affektiewe sterktes.....	13
Hulpbronne as beskermende faktore	14
Gesinsbetrokkenheid	14
Skoolfunksionering	15
Geslagsverskille met betrekking tot veerkragtigheid en beskermende faktore	15
Metodologie	17
Navorsingsprobleem en -doelwit.....	17
Navorsingsontwerp en -metodologie.....	18
Ontwerp.....	18

Data-insameling	18
Deelnemers.....	18
Meetinstrumente	20
Etiese oorwegings.....	21
Data-ontleding	21
Resultate.....	22
Beskrywende statistiek	22
Inferensiële statistiek	23
Bespreking	39
Samevatting.....	43
Bronnelys	45

Lys van tabelle

Tabel 1: Biografiese beskrywing van die deelnemers.....	19
Tabel 2: Beskrywende statistiek van die meetinstrumente.....	22
Tabel 3: Meerveranderlike toetse.....	24
Tabel 4: Tussengroep-effekte.....	25
Tabel 5: Veelvuldige vergelykings.....	27
Tabel 6: Beskrywende statistiek.....	37

Opsomming

Middel-adolessente in Suid-Afrika word daagliks met ontwikkelings- en omgewingsuitdagings sowel as risikofaktore gekonfronteer. Gevolglik is daar 'n duidelike oproep vir die bemagtiging en ontwikkeling van veerkragtigheid onder adolessente in Suid-Afrika, asook meer navorsing wat tot die ontwikkeling van toepaslike en nodige intervensies kan lei. Veerkragtigheid word vanuit 'n normale ontwikkelingsperspektief gekonseptualiseer as 'n sin van bemeestering en verwantskap (albei dui op veerkragtigheid), en emosionele reaktiwiteit (dui op kwesbaarheid). Die samevoeging van hierdie drie komponente skep 'n veerkragtigheidsprofiel wat die adolessent se unieke sterktes en kwesbaarheid weerspieël. 'n Aantal studies toon dat beskermende faktore, hulpbronne sowel as bates, tot veerkragtigheid bydra. Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe manlike en vroulike middel-adolessente met verskillende veerkragtigheidsprofile van mekaar verskil ten opsigte van beskermende faktore. Die verskillende groepe is vergelyk ten opsigte van vyf beskermende faktore, naamlik interpersoonlike, intrapersoonlike en affektiewe sterktes, skoolfunksionering, en gesinsbetrokkenheid. Die studie is kwantitatief en nie-eksperimenteel van aard en volg 'n kriteriumgroeponwerp. Die steekproef bestaan uit 973 graad 10-leerders wat uit elk van die vyf distrikte in die Vrystaat gewerf is. Die volgende meetinstrumente is aangewend: 'n biografiese vraelys, Epstein en Sharma (1998) se *Behavioural and Emotional Rating Scale* (BERS) en Prince-Embury (2007) se *Resiliency Scales for Children and Adolescents* (RSCA). Die resultate lewer twee belangrike bevindinge. Eerstens is bevind dat die manlike sowel as vroulike deelnemers lae veerkragtigheid en sterktes toon. Tweedens is beduidende verskille geïdentifiseer tussen die verskeie groepe ten opsigte van die vlak van sterktes wat hulle gebruik. Dit het onder andere geblyk dat die groepe met hoër veerkragtigheid geneig is om laer vlakke van sterktes te toon. Hierdie bevinding is verrassend sowel as kommerwekkend en lei tot die volgende vraag: uit watter bronne put adolessente hulle veerkragtigheid? Die studie het 'n duidelike behoefte onthul aan meer relevante navorsing en toepaslike meetinstrumente in die Suid-Afrikaanse konteks om hierdie konstruksie effektief te meet en te verstaan.

Sleutelwoorde: veerkragtigheid, intrapersoonlike sterktes, interpersoonlike sterktes, affektiewe sterktes, skoolfunksionering, gesinsbetrokkenheid, bates, hulpbronne, geslag, middel-adolessensie, normale ontwikkeling, Vrystaat, Suid-Afrika.

Abstract

South African middle-adolescents are confronted daily with developmental and environmental challenges as well as risk factors. Consequently, there is a need for the empowerment and development of resiliency amongst adolescents in South Africa in order to design more suitable interventions. Resilience is conceptualised from a normal developmental perspective as a sense of mastery and relatedness (both suggesting resilience) and emotional reactivity (suggesting vulnerability). The aggregation of these three components creates a resilience profile which reflects the adolescent's unique strengths and weaknesses. A number of studies indicate that protective factors, both assets and resources, contribute to resilience. The aim of this study was to determine how male and female middle-adolescents with various resiliency profiles differ from one another with regard to protective factors. The different groups were compared in respect of five protective factors, namely intrapersonal, interpersonal and affective strengths, school functioning and family involvement. This study was quantitative and non-experimental and followed a criterion group design. The sample consisted of 973 Grade 10 learners, selected from each of the five districts in the Free State. The measuring instruments included a biographical questionnaire, Epstein and Sharma's (1998) *Behavioural and Emotional Rating Scale* (BERS) and Prince-Embury's (2007) *Resiliency Scales for Children and Adolescents* (RSCA). The results from the study indicate two important findings. First, it was found that both male and female participants scored low with regard to resilience and strengths. Secondly, a significant difference was found between the various groups with regard to the level of strengths that they use. It was shown, for instance, that groups that reported higher levels of resiliency tended to show lower levels of strengths. Consequently, the results are both surprising and worrying and lead to the following question: from which sources do adolescents draw in order to achieve resilience? The study revealed a clear need for more relevant research and measuring instruments in the South African context in order to effectively measure and comprehend these constructs.

Keywords: resilience, intrapersonal strengths, interpersonal strengths, affective strengths, school functioning, family involvement, assets, resources, gender, middle adolescence, normal development, Free State, South Africa.

Literatuuroorsig

Adolesensie het vir dekades bekend gestaan as die “storm en stres”-tydperk en word steeds as een van die mees uitdagende fases in die lewenspan beskou (Romero, Master, Paunesku, Dweck, & Gross, 2014). Adolesensie strek van ongeveer 12 tot 20 jaar of tot wanneer die individu ’n volwasse rol begin aanneem en meer onafhanklik funksioneer (Sigelman & Rider, 2009). Crone en Dahl (2012) beskryf adolesensie as die oorgangsfase tussen die kinderjare en volwassenheid gepaardgaande met sosiale uitdagings en fisiese, kognitiewe en emosionele veranderinge, wat tot ’n verhoogde risiko vir sielkundige verstourings lei (Blakemore & Mills, 2014). Hierdie verhoogde risiko is verwant aan die omvattende neurale ontwikkelingsveranderinge wat tesame met nuwe stressors en uitdagings in die adolessente jare voorkom (Blakemore & Mills, 2014).

In die Suid-Afrikaanse konteks word adolessente egter nie net met ontwikkelingsuitdagings gekonfronteer nie (Theron & Theron, 2010). Hulle word blootgestel aan risikofaktore soos geweld, seksuele mishandeling, leerversteurings, toestande in plakkerswonings, armoede, kinderbeheerde huishoudings, Vigs, en ’n gebrek aan hulpbronne in afgeleë areas (Theron & Theron, 2010). Van die verskillende tipes traumatiese gebeure waaraan kinders blootgestel word, is ouerlike sterftes die mees algemeen (11.0–14.8%) tesame met fisiese mishandeling (5.3–10.8%), gesinsgeweld (4.2–7.8%) en sielkundige verstourings onder ouers (5.3–6.7%) (Kessler et al., 2010).

Die mees algemene vorme van geweld teenoor kinders in Suid-Afrika is fisiese en seksuele geweld wat in ouerhuise sowel as binne die gemeenskap plaasvind (Mathews, Jamieson, Lake, & Smith, 2014). Die misdaadstatistiek in Suid-Afrika meld om en by 26 000 kinderslagoffers van geweld tussen 2011 en 2012, waarvan 40% slagoffers van seksuele misdade was. Hierdie resultate is waarskynlik ’n onderskatting van die werklikheid, aangesien slegs een uit elke nege seksuele aanvalle by die polisie aangemeld word (Mathews et al., 2014; Suid-Afrikaanse Polisie [SAPD], 2012). Verder is die statistiek aangaande fisiese kindermishandeling op ’n nasionale vlak onbekend (Mathews et al., 2014). ’n Studie in die Oos-Kaap het wel op hoë vlakke van fisiese mishandeling en straf gedui (Jewkes, Dunkle, Nduna, Jama, & Puren, 2010). Meer as die helfte van kinders (55%) in Mpumalanga en die Wes-Kaap het ook al aangemeld dat hulle deur hul versorgers fisies mishandel word (Jewkes et al., 2010; Mathews et al., 2014).

Nog 'n studie het bevind dat 15% van kinders in Suid-Afrika verwaarloos word deur ouers wat alkohol en ander substansie misbruik, wat weer lei tot die blootstelling aan emosionele geweld (Seedat, Van Niekerk, Jewkes, Suffla, & Ratele, 2009). In Suid-Afrika wek kulturele inisiasiepraktyke ook kommer oor die welstand van kinders, veral adolessente, omdat hulle meestal aan praktyke soos maagdelikheidstoetse, vroeë gedwonge huwelike en manlike besnyding blootgestel word (Mathews et al., 2014).

Dit is duidelik dat distale sisteme in Suid-Afrika, soos die makrosisteem (wat kulturele faktore, armoede en werkloosheid insluit), 'n negatiewe impak op adolessente se ontwikkeling uitoefen en weer 'n rimpeleffek op proksimale sisteme (mikrosisteem) soos die individuele ontwikkelingsproses het (Bronfenbrenner, 1994; Visser & Moleko, 2012).

Armoede word beskou as die primêre distale oorsaak van hoë vlakke van kindermishandeling (Richter, 2004). Verskeie aspekte van armoede beïnvloed kinders op 'n negatiewe wyse in Suid-Afrika (Townsend & Dawes, 2004). Dit skep 'n kultuur van versukkeling en geweld, asook die aanvaarding of desensitiserings ten opsigte van hierdie kultuur (Townsend & Dawes, 2004). Hoë werkloosheids- en armoedevlakke plaas druk op die gesin en veroorsaak stres. Sodoende word kinders indirek deur ontoepaslike, streng of onbetrokke ouerskap beïnvloed. Verder moet sommige ouers lang ure werk en vêr afstande aflê werk toe, wat kinders vir lang tydperke sonder toesig laat (Richter, 2004; Richter & Dawes, 2008; Townsend & Dawes, 2004). Armoede en werkloosheid lei ook daartoe dat kinders aan meer risikofaktore soos geweld, seksuele aktiwiteite, en mishandeling en misbruik blootgestel word, veral binne oorbewoonde huishoudings (Theron & Theron, 2010; Townsend & Dawes, 2004).

Armoede, werkloosheid, geweld, sterftes en substansie misbruik het dus 'n impak op gesinsbetrokkenheid (Mathews et al., 2014; Richter, 2004; Seedat et al., 2009), en 'n gebrek aan gesinsbetrokkenheid kan weer tot onsekere gehegtheid lei. Hieruit spruit problematiese aanpassing ten opsigte van sosiale gedrag, en kan teruggetrokkenheid, angs en leerprobleme veroorsaak en selfs breinontwikkeling beïnvloed (Bowlby, 1969). Hierdie bevindinge word gesteun deur Fearon, Bakermans-Kranenburg, Van Ijzendoorn, Lapsley, en Roisman (2010) se bevinding dat individue met onsekere gehegtheid problematiese sosiale- en aanpassingsgedrag toon. Onsekere gehegtheid kan ook tot ongesonde verhoudingspatrone, lae vertrouwe en sosiale ondersteuning lei, en ongemak en onverdraagsaamheid tot gevolg hê (Luthar, 2006; Prince-Embury & Steer, 2010). Op dié manier word 'n individu se vermoë

belemmer om ongunstige en nadelige omstandighede te hanteer, wat op sy beurt die individuele veerkragtig verminder (Luthar, 2006; Prince-Embury & Steer, 2010).

Verder kan 'n gebrek aan gesinsbetrokkenheid meer outoritêre en onbetrokke ouerskapstyle tot gevolg hê, wat weer 'n reeks negatiewe effekte ontketen, byvoorbeeld teruggetrokkenheid, 'n gevoel van vrees, lae selfvertroue en selfgeldendheid, passiwiteit, afhanklikheid, aggressie, en destruktiewe en afwykende gedrag (Dunn & Craig, 2013; Townsend & Dawes, 2004). Met onbetrokke ouers en verbrokkelende gesin- en gemeenskapsisteme word goeie gedrag al hoe minder aan kinders gemodelleer, en word hulle blootstelling aan meer riskante aktiwiteite by die huis en in hul gemeenskap toenemend groter.

Die doeltreffendheid van Suid-Afrika se skoolsisteme is ook in gedrang, wat beduidende gevolge vir die land se kinders inhou. Daar is nie meer genoegsame beheer in die skoolomgewing nie en dus neem die voorkoms van traumatiese gebeure in die skoolomgewing toe (Van Niekerk, 2013). Geweld, seks, groepsdruk en afknouery is ook meer algemeen in skole vandag (Seedat et al., 2009). Verder word die onderwyssteme voortdurend geteister deur rassisme, geweld, antisosiale gedrag, leerderafwesigheid, stakende onderwysers en 'n tekort aan opgeleide en ervare onderwysers (Jackson, Rothmann, & Van de Vijver, 2006). Hoë vlakke van stres en uitbranding onder onderwysers wêreldwyd is 'n groeiende probleem wat meestal deur lae sistemiese en gemeenskapsondersteuning en 'n tekort aan hulpbronne veroorsaak word (Jackson et al., 2006). Dit is duidelik dat hierdie tekort aan hulpbronne die coping-vermoëns van Suid-Afrikaanse onderwysers en skole tot die uiterste beproef, wat tot die verbrokkelende onderwyssteme bydra.

Bogenoemde risikofaktore is 'n werklikheid vir Suid-Afrikaanse kinders en kan verskeie nadelige sosiale, emosionele, kognitiewe en fisiese gevolge hê indien daar nie gepaste intervensies in werking gestel word nie (Mathews et al., 2014). Dit lyk dus of adolessente nie die nodige ondersteuning en leiding ontvang vir positiewe ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse konteks nie (Brink & Wissing, 2012; Bronfenbrenner, 1979; Van Niekerk, 2013). Ontwikkeling word beïnvloed deur die interaksie tussen die individu en die sisteme (mikro-, meso-, ekso-, makro- en kronosisteme) waarbinne die individu funksioneer (Bronfenbrenner, 1994; Van Niekerk, 2013). In die lig van die voorafgaande is daar 'n duidelike oproep om adolessente te bemagtig en hulle veerkragtigheid te ontwikkel (Theron & Theron, 2010).

Middel-adolessensie

Middel-adolessensie strek van die ouderdom 14 tot 17 jaar (Smetana, Campione-Barr, & Metzger, 2006) en word beskou as 'n periode van verhoogde kwesbaarheid ten opsigte van riskante gedrag. Hierdie kwesbaarheid gaan ook gepaard met uitdagings rakende emosionele en gedragsregulering (Steinberg, 2005). Middel-adolessensie word verder gekenmerk as 'n periode van verhoogde selfbewustheid, seksuele bewustheid, hegte vriendskappe, 'n toename in riskante gedrag en onafhanklikheid (Kruger & Prinsloo, 2008). Daar is dus genoegsame bewyse dat riskante gedrag waarskynlik eerder gedurende hierdie lewenstadium as in ander lewenstadiums sal voorkom (Steinberg, 2010). Riskante gedrag kan onder meer impulsiwiteit, kriminele gedrag, onveilige seksuele aktiwiteite en oormatige alkoholname insluit (Steinberg, 2008).

Steinberg (2008) het in 'n studie bepaal hoekom riskante gedrag tussen kinderjare en adolessensie toeneem en dan weer tussen adolessensie en volwassenheid afneem. Dit blyk dat sensasie-soekende gedrag, risiko-voorkeur en beloning-sensitiwiteit gedurende middel-adolessensie hul toppunt bereik (Steinberg, 2008) en tot verhoogde fisiologiese, emosionele en kognitiewe reaktiwiteit lei wanneer 'n verlangde uitkoms bereik word (Simonds, 2006). Die verhoogde geneigdheid tot beloning-soekende gedrag en die steeds ontwikkelende kapasiteit vir selfbeheer speel dus 'n belangrike rol in die verhoging van riskante gedrag gedurende middel-adolessensie (Steinberg, 2010). Riskante gedrag neem weer af tussen adolessensie en volwassenheid vanweë veranderinge in die brein se kognitiewe beheersisteam, wat op sy beurt beter selfregulering en verlaagde risikoneming tot gevolg het (Steinberg, 2008).

Die interaksie tussen ontwikkelingsuitdagings en omgewingstressors (soos vroeër bespreek) maak hierdie lewenstadium besonder kompleks (Kruger & Prinsloo, 2008; Theron & Theron, 2010). Hierdie uitdagings kan op verskeie wyses in die adolessent se lewe manifesteer, naamlik die onvermoë om hormonale en fisiese veranderinge in puberteit te aanvaar en daarby aan te pas; akademiese druk; portuurgroep-weerstandigheid; konflik met ouers en betekenisvolle ander; lae selfvertroue; swak kommunikasievaardighede; problematiese emosionele-, kognitiewe- en gedragsregulering; swak inter- en intrapersoonlike vaardighede; lae motivering; hoë stresvlakke en swak probleemoplossingsvaardighede (Coleman & Hagell 2007; Mould, 2014).

Daar is dus 'n aantal bewyse dat middel-adolessensie 'n uitdagende periode is en dat daar 'n behoefte vir veerkragtigheid en beskermende faktore in hierdie lewensfase bestaan. Veerkragtigheid gedurende middel-adolessensie dui op die adolessent se vermoë om emosionele, sosiale en kognitiewe komponente op 'n effektiewe wyse te identifiseer, gebruik en bestuur (Kruger & Prinsloo, 2008). Adolessente moet ook op 'n konstruktiewe, gepaste en buigsame wyse op stresvolle, uitdagende en riskante lewensgebeure kan reageer en daarby aanpas (Kruger & Prinsloo, 2008).

Die beskermende faktore wat veerkragtigheid gedurende middel-adolessensie verhoog, is onder andere persoonlike eienskappe, oortuigings en geloof, coping-vermoë en -vaardighede, sowel as gesins/familie-, skool- en gemeenskapsinvloede (Kruger & Prinsloo, 2008). Veerkragtigheid en die gebruik van beskermende faktore is uiters belangrik gedurende middel-adolessensie omdat die coping-vermoë en -vaardighede wat adolessente gedurende hierdie tydperk aanleer en toepas die grondslag vir suksesvolle aanpassing tydens die volwasse jare lê (Seiffge-Krenke, 1993; Van Niekerk, 2013).

'n Normale ontwikkelingsperspektief op veerkragtigheid

Veerkragtigheid word breedweg gedefinieer as die vermoë van 'n individu om suksesvol aan te pas by gebeure wat 'n steurnis veroorsaak en die suksesvolle funksionering van die individu bedreig (Masten, 2014; Masten & Obradovic, 2008). Hierdie breë konseptualisering sluit drie kategorieë individue in, naamlik hoërisiko-groepe wat beter uitkomst bereik as wat verwag word, individue wat te midde van uitdagende situasies doeltreffend bly funksioneer en, laastens, individue wat ná 'n traumatiese ervaring na normale funksionering terugkeer (Masten & Obradovic, 2008).

Veerkragtigheid word in die literatuur as 'n proses sowel as 'n uitkoms gekonseptualiseer (Theron & Theron, 2010). Veerkragtigheid as 'n proses verwys na die oorkoming van risiko's deur middel van die dinamiese interaksie tussen risikofaktore, hulpbronne en bates (Benzies & Mychasiuk, 2009; Fergus & Zimmerman, 2005). Veerkragtigheid as 'n uitkoms dui weer op die suksesvolle oorkoming van risiko's (Fergus & Zimmerman, 2005). Veerkragtigheid word geoptimaliseer wanneer beskermende faktore binne 'n individuele, gesins- of gemeenskapskonteks versterk word (Benzies & Mychasiuk, 2009). In hierdie studie word veerkragtigheid as 'n uitkoms ondersoek.

Masten (2006) en Prince-Embury (2007) konseptualiseer veerkragtigheid vanuit 'n normale ontwikkelingsperspektief. Hierdie konseptualisering staan as die drie-faktor-model van persoonlike veerkragtigheid bekend. Prince-Embury (2007) het hierdie model ontwikkel ter vereenvoudiging en verbetering van die praktiese toepassing van veerkragtigheidsteorieë. Die drie-faktor-model van veerkragtigheid bestaan uit drie voorheen geïdentifiseerde eienskappe van persoonlike veerkragtigheid, naamlik 'n sin van bemeestering, 'n sin van verwantskap, en emosionele reaktiwiteit (Prince-Embury & Saklofske, 2014). Die teenwoordigheid of afwesigheid van hierdie eienskappe dui op veerkragtigheid as 'n uitkoms.

Hierdie model is uniek omdat dit fokus op kinders se persoonlike ervarings eerder as prestasie of klaarblyklike vermoëns (Prince-Embury & Saklofske, 2014). Die model is gegrond op die aanname dat kinders se belewenisse hulle eksterne beskermende faktore kan aktiveer en gevolglik positiewe gedraguitkomst na vore bring (Prince-Embury & Saklofske, 2014). Gevolglik fokus die model hoofsaaklik op kinders se subjektiewe en sielkundige belewenisse (Prince-Embury, 2007). Die model verskaf verder 'n veerkragtigheidsprofiel wat 'n kind se unieke sterktes en kwesbaarheid weerspieël en die vergelyking van verskeie veerkragtigheidsprofile moontlik maak (Prince-Embury & Steer, 2010).

Die drie-faktor-model van veerkragtigheid

'n Sin van bemeestering

'n Sin van bemeestering word beskou as 'n komponent van veerkragtigheid (Fergus & Zimmerman, 2005; Prince-Embury & Saklofske, 2014) en is gegrond op die aanname dat eienskappe soos optimisme, aanpassingsvermoëns en selfdoeltreffendheid 'n individu se vermoë verhoog om ongunstige en nadelige omstandighede te hanteer (Prince-Embury & Steer, 2010).

Hierdie aanname word deur verskeie navorsers gesteun. Byvoorbeeld, Bandura (1997) het getoon dat individue met 'n meer positiewe siening van hul eie doeltreffendheid meer waarskynlik gemotiveerd sal bly om sukses te behaal te midde van ongewenste situasies as dié met 'n negatiewe siening. Seligman (1995) het weer klem gelê op aangeleerde optimisme en die voorspelling van gedrag. Prince-Embury en Saklofske (2014) meld dat groter optimisme 'n individu se reaksie op ongewenste situasies verbeter en bevorder, waar

bevoegdheid tot die voorkoming of versagting van problematiese gedrag en emosionele struikelblokke kan lei.

'n Sin van verwantskap

'n Sin van verwantskap speel ook 'n beduidende rol in persoonlike veerkragtigheid. Hierdie faktor berus op die bevinding dat verhoudings met ander as 'n buffer teen stresvolle omstandighede en situasies dien (Thorne & Kohut, 2007). Die veronderstelling word ook gemaak dat aspekte soos vertrouwe, waargenome sosiale ondersteuning, gemak en verdraagsaamheid 'n individu se vermoë om ongunstige en nadelige omstandighede te hanteer, verhoog (Prince-Embury & Steer, 2010).

Luthar (2006) het tot die gevolgtrekking gekom dat die kern van veerkragtigheid op verhoudings berus. Bowlby (1969) beklemtoon weer die belangrikheid van geborge gehegtheid wat na 'n sterk emosionele band tussen babas en hulle primêre versorgers verwys en deur middel van responsiewe versorging gevorm word (Bowlby, 1969). Geborge gehegtheid lei tot verhoogde vlakke van stresregulering gedurende uitdagende situasies (Dunn & Craig, 2013). Gesonde verhoudings en 'n sin van verwantskap kan dus reeds van 'n vroeë ouderdom 'n uitwerking op 'n individu se persoonlike veerkragtigheid hê (Masten & Obradovic, 2008).

Emosionele reaktiwiteit

Emosionele reaktiwiteit word beskou as 'n risiko- of kwesbaarheidsfaktor, wat dus die waarskynlikheid vir negatiewe uitkomst verhoog (Fergus & Zimmerman, 2005; Prince-Embury & Saklofske, 2014). Emosionele reaktiwiteit verwys na 'n persoon se sensitiwiteit vir stres en die impak van ongewenste omstandighede (Thorne & Kohut, 2007). Hierdie siening berus op die veronderstelling dat aspekte soos sensitiwiteit en die mate van herstel en belemmering 'n individu se vermoë om ongunstige en nadelige omstandighede te hanteer, verlaag (Prince-Embury & Steer, 2010). Sensitiwiteit bepaal hoe vinnig 'n individu opgewek word, terwyl herstel dui op die tydperk wat dit 'n individu neem om ná 'n periode van opwekking te herstel. Laastens dui belemmering op die mate waarin 'n individu se funksionering deur emosionele reaktiwiteit belemmer word (Doll, Pfohl, & Yoon, 2010).

Navorsing toon dat kinders wat op 'n vroeë ouderdom aan trauma of stresvolle gebeure blootgestel word 'n predisposisie tot psigopatologie kan ontwikkel (Mathews et al., 2014; McLaughlin et al., 2010; Raine, 2002). Hierdie predisposisie kan vir die verloop van 'n

individuele lewenspan voorspel word (McLaughlin et al., 2010). 'n Moontlike verduideliking hiervoor is dat die blootstelling aan trauma of stressors in die kinderjare 'n impak het op die ontwikkeling van die fisiologiese stres-respons-sisteem (McLaughlin et al., 2010). Traumablootstelling kan dus tot problematiese emosionele regulering en verhoogde emosionele reaktiwiteit tot stres lei (McLaughlin et al., 2010).

Adolesensie word ook gekenmerk deur emosionele onstabiliteit en word dus bestempel as 'n periode van verhoogde emosionele reaktiwiteit (Hare et al., 2008). Gevolglik is adolessente se kwesbaarheid vir negatiewe uitkomst soos selfmoord, depressie en angst groot (Hare et al., 2008). Navorsing het ook bewys dat adolessente meer ekstreme positiewe en negatiewe affek ervaar en wisselende gemoedstoestande toon (Larson, Moneta, Richards, & Wilson, 2002; Silvers et al., 2012). Dit kan toegeskryf word aan verhoogde aktiwiteit in die subkortikale limbiese area en die steeds ontwikkelende prefrontale funksie van die brein wat 'n tydelike wanbalans in emosionaliteit veroorsaak (Steinberg, 2005).

Suid-Afrikaanse adolessente loop dus 'n verhoogde risiko tot emosionele reaktiwiteit as gevolg van blootstelling aan verskeie risikofaktore en stressors soos reeds bespreek is (Mathews et al., 2014; Richter, 2004; Seedat et al., 2009; Theron & Theron, 2010). Hierdie blootstelling aan trauma en stres kan tot groter kwesbaarheid aanleiding gee. Die blootstelling aan risikofaktore tesame met biologiese faktore veroorsaak verhoogde vlakke van emosionele reaktiwiteit onder adolessente (Hare et al., 2008; Theron & Theron, 2010).

Modelle van veerkragtigheid

Veerkrachtigheid is die produk van komplekse interaksie tussen individuele karaktertrekke en eksterne ondersteuningsraamwerke wat teen die uitwerking van negatiewe gebeure weerstand bied (Prince-Embury, 2011). Veerkrachtige adolessente benut dus 'n verskeidenheid beskermende faktore – bates en hulpbronne – wat hulle in staat stel om die nuwe-effekte van risiko-blootstelling tot 'n minimum te beperk (Fergus & Zimmerman, 2005).

Veerkrachtigheidsmodelle verduidelik hoe individuele sterktes (bates) en omgewingsfaktore (hulpbronne) die uitwerking van stresvolle of ongewenste risikofaktore verminder (Fergus & Zimmerman, 2005; Zolkoski & Bullock, 2012). Navorsers het drie modelle van veerkrachtigheid geïdentifiseer, naamlik die kompensasiemodel, die uitdagingsmodel en die beskermende-faktor-model (Fergus & Zimmerman, 2005). Daar is

ook drie tipes beskermende-faktor-modelle, naamlik die beskermende-stabiliseringsmodel, beskermende-reaktiewe-model en die beskermende-beskermende-model (Zolkoski & Bullock, 2012). Vir die doeleindes van hierdie studie sal slegs die beskermende-faktor-modelle verder bespreek word.

Die beskermende-faktor-model

Die model staan ook bekend as die immuniteit-teen-kwesbaarheid-model (Zolkoski & Bullock, 2012) en beklemtoon dat bates en hulpbronne die effek van negatiewe uitkomst van risiko's verminder (Fergus & Zimmerman, 2005). Beskermende faktore werk dus die risiko's teen en het 'n impak op die uitkoms van 'n dreigende situasie. Dit kan die effek van risiko's neutraliseer of verswak, maar nie totaal verwyder nie (Fleming & Ledogar, 2008). Verder kan dit ook die positiewe effek van ander beskermende faktore verhoog (Fleming & Ledogar, 2008). 'n Voorbeeld van 'n beskermende-faktor-model is ouerlike ondersteuning wat weerstand teen armoede en geweld bied (Fergus & Zimmerman, 2005). Beskermende faktore kan uitkomst op verskeie wyses beïnvloed. Hierdie wyses word deur die volgende drie modelle verduidelik.

Die beskermende-stabiliseringsmodel

Hier beïnvloed die beskermende faktor die uitkoms deur die uitwerking van die risiko te neutraliseer (Luthar, Cicchetti, & Becker, 2000; Zolkoski & Bullock, 2012). Volgens hierdie model kom stabiliteit voor weens die teenwoordige beskermende faktore ten spyte van verhoogde risikofaktore (Windle, 2011). Daarom word meer risiko's en negatiewe uitkomst verwag wanneer die beskermende faktor afwesig is (Zolkoski & Bullock, 2012). Adollesente sonder toepaslike ouerlike toesig (risikofaktor) en volwasse mentors (beskermende faktor) loop 'n groter risiko om afwykende gedrag te openbaar, terwyl adollesente wat nie ouerlike toesig het nie, maar wel mentors, nie noodwendig hierdie verhoogde risiko loop nie (Fergus & Zimmerman, 2005).

Die beskermende-reaktiewe-model

Hierdie model is van toepassing wanneer 'n beskermende faktor die korrelasie tussen die risiko en negatiewe uitkoms verlaag, maar nie totaal verwyder nie (Luthar et al., 2000). Volgens die model sal die verhouding tussen die risiko en die negatiewe uitkoms sterker wees wanneer die beskermende faktor afwesig is (Fergus & Zimmerman, 2005; Zolkoski & Bullock, 2012). Wat armoede en geweld betref, sal die beskermende-reaktiewe-model van

toepassing wees wanneer die verhouding tussen armoede en geweld swakker is onder adolessente met ouerlike ondersteuning as diegene daarsonder (Mroczkowski, 2013)

Die beskermende-beskermende-model

Beskermende faktore verhoog of verbeter die uitwerking van ander beskermende faktore (Zolkoski & Bullock, 2012). 'n Voorbeeld hiervan is ouerlike ondersteuning wat meer positiewe en beter akademiese uitkomst onder adolessente tot gevolg het (Fergus & Zimmerman, 2005; Zolkoski & Bullock, 2012). Daar is egter kritiek dat hierdie model nie as 'n veerkragtigheidsmodel beskou kan word nie omdat veerkragtigheid in elk geval nie in die afwesigheid van risiko's kan voorkom nie (Fergus & Zimmerman, 2005).

Beskermende faktore bevorder positiewe, geestesgesonde uitkomst en verminder riskante gedrag (Hall-Lande, Eisenberg, Christenson, & Neumark-Sztainer, 2007). Fergus en Zimmerman (2005) beskou beskermende faktore wat fokus op innerlike individuele sterktes, en van die individu self afkomstig is, as bates. Rhee, Furlong, Turner en Harari (2001) identifiseer veral drie bates as belangrike bydraers tot veerkragtigheid: intrapersoonlike, affektiewe en interpersoonlike sterktes of sterk punte. Volgens Fergus en Zimmerman (2005) is hulpbronne ook beskermende faktore, maar dit is ekstern tot die individu gerig. Rhee et al. (2001) identifiseer veral twee hulpbronne as belangrike bydraers tot veerkragtigheid: gesins- en skoolbetrokkenheid.

Sterktes (bates) as beskermende faktore

Intrapersoonlike sterktes

Intrapersoonlike sterktes word gekenmerk deur individue se persepsie van hulle vermoëns en bevoegdheidsvlak (Jimerson & Wilson, 2001). Dit dui op innerlike hulpbronne wat tot die individu se beskikking is (De Villiers, 2009; Epstein, 2000). Intrapersoonlike sterktes sluit die volgende faktore in: selfvertroue, die identifisering van persoonlike sterktes, entoesiasme oor die lewe, 'n sin vir humor, genot in stokperdjies, trots op prestasies, ingesteldheid op die positiewe aspekte van die lewe, asook die onderneming van selfontwikkelingsaktiwiteite (Epstein, 1999).

Volgens Olsson, Bond, Burns, Vella-Brodrick, en Sawyer (2003) speel 'n individu se selfkonsep 'n rol in veerkragtigheid. 'n Positiewe selfkonsep dui daarop dat 'n individu beskik oor 'n ontwikkelde sin van self en betekenisvolle gehegheidsfigure (Olsson et al.,

2003). Selfdoeltreffendheid gaan ook met die selfkonsep gepaard en word beskou as 'n intrapersoonlike sterkte wat verwys na individue se oordeel oor hulle vermoë om sukses en doelwitte te bereik (Benzies & Mychasiuk, 2009). Selfafhanklikheid, onafhanklike denke en selfvertroue is dus deel van selfdoeltreffendheid en dien as 'n sterkte vir individue (Benzies & Mychasiuk, 2009).

Interpersoonlike sterktes

Interpersoonlike sterktes word omskryf as die vermoë om emosies en gedrag in sosiale situasies te beheer (De Villiers, 2009; Epstein, 2000). Interpersoonlike sterktes is onder meer die volgende faktore: aanvaarding van nee as 'n antwoord, hantering van teleurstelling op 'n kalm wyse, aanvaarding van verantwoordelikheid vir aksies, aanvaarding van kritiek, erkenning van foute, vriendelikheid teenoor ander, respek vir ander se regte, besorgdheid oor die emosionele welstand van ander, goeie luistervaardighede, navolging van sosiale reëls, en effektiewe kommunikasievaardighede (Epstein, 1999).

Navorsing toon dat sosiale vaardighede of 'n positiewe sosiale oriëntasie een van die belangrikste beskermende faktore teen wanaangepaste gedrag is (Friborg, Barlaug, Martinussen, Rosenvinge, & Hjemdal, 2005). Interpersoonlike sterktes kan ook verwys na sosiale intelligensie wat weer dui op die suksesvolle bestuur en hantering van sosiale verhoudings (Friborg et al., 2005; Luthar et al., 2000).

Affektiewe sterktes

Affektiewe sterktes verwys na die vermoë om gevoelens teenoor ander te openbaar, asook om toenadering van ander te aanvaar (De Villiers, 2009; Epstein, 2000). Affektiewe sterktes sluit die volgende faktore in: aanvaarding van nabyheid en intimiteit van ander, uitdrukking van omgee en liefde teenoor ander, bespreking van probleme met ander, die vermoë om hulp te vra en om na 'n verantwoordelike volwassene te gaan wanneer hulp benodig word, erkenning van pynvolle emosies, identifisering van eie gevoelens, die vermoë om 'n betekenisvolle ander te vertrou, die vermoë om met ander te deel, sowel as die versoek en aanvaarding van ondersteuning van vriende (Epstein, 1999).

Emosionele regulering is 'n belangrike komponent van veerkragtigheid. Baie adolessente ondervind probleme met emosionele regulering weens omgewings- en ontwikkelingsfaktore (Mathews et al., 2014; Steinberg, 2005). Navorsing toon dat faktore wat met emosionele regulering soos selfhelpvaardighede, ego-beheer en ego-veerkragtigheid

vereenselwig word, 'n invloed op positiewe aanpassing gedurende stresvolle lewensgebeure uitoefen (Benzies & Mychasiuk, 2009; Vanderbilt-Adriance & Shaw, 2008). Dit het verhoogde impulsbeheer tot gevolg, asook helder denke in stresvolle situasies (Shaffer, 2012). Emosionele regulering dra dus by tot verbeterde aandagvermoëns, positiewe sosiale verhoudings, asook kognitiewe en sosio-emosionele bevoegdheid (Benzies & Mychasiuk, 2009).

Hulpbronne as beskermende faktore

Gesinsbetrokkenheid

Volgens Epstein (2000) dui gesinsbetrokkenheid op individue se betrokkenheid by en deelname in hulle gesin (De Villiers, 2009). Gesinsbetrokkenheid sluit die volgende faktore in: deelname aan gesins-, gemeenskaps- en kerkaktiwiteite; positiewe interaksie met ouers, susters en broers; die vorming en instandhouding van positiewe gesinsverhoudings; beleving van 'n sin van verwantskap aan jou gesin; oop kommunikasie met ouers; en navolging van reëls (Epstein, 1999).

Gesinsbetrokkenheid is een van die belangrikste bydraende faktore tot positiewe uitkomst en sielkundige gesondheid vir adolessente (Hall-Lande et al., 2007). Navorsing dui verder dat hoër vlakke van gesinsbetrokkenheid tot verminderde swangerskappe, latere seksuele aktiwiteit, laer vlakke van substansmisbruik, asook laer vlakke van selfmoordpogings onder adolessente, lei (Hall-Lande et al., 2007). Geborge gehegtheid aan ten minste een volwasse versorger dien as 'n hulpbron en bydraende faktor tot gesinsbetrokkenheid (Hall-Lande et al., 2007). 'n Gesaghebbende ouerskapstyl dra verder by tot gesinsbetrokkenheid (Zolkoski & Bullock, 2012). Gesaghebbende ouers word beskou as responsief en uitdagend. Hierdie ouers is dus warm, liefdevol en ondersteunend, maar ook terselfdertyd ferm, rasioneel en konsekwent (Zolkoski & Bullock, 2012).

Ander hulpbronne wat met die gesin verband hou, is onder meer gesinstruktuur, intieme huweliksverhoudings, gesinseenheid, ondersteunende ouer-kind-interaksie, omgewingstimulasie, 'n stabiele en voldoende inkomste, en sosiale ondersteuning (Benzies & Mychasiuk, 2009). Sterk bande met gesinslede, te midde van risikofaktore, word as 'n hulpbron vir kinders gesien, wat weer gesonde sielkundige ontwikkeling bevorder; dus word gesinsbetrokkenheid as 'n hulpbron en 'n sterkte beskou (Hall-Lande et al., 2007).

Skoolfunksionering

Volgens Epstein (2000) verwys skoolfunksionering na 'n kind se bevoegdheid ten opsigte van skool- en klaskameraktiwiteite. Die volgende faktore word in ag geneem ter verduideliking van skoolfunksionering: stiptelike voltooiing van skoolwerk, voltooiing van skoolwerk op die eerste versoek, gereelde skoolbywoning, belangstelling in skoolaktiwiteite, die vermoë om instruksies te volg, effektiewe studiegewoontes, leesvaardighede, wiskundige vaardighede, aantekeninge maak en effektiewe luistervaardighede (Epstein, 1999).

Bogenoemde komponente verhoog kinders se verbintenis tot die skool en lei dus tot hoër vlakke van skoolvoltooiing – wat weer as 'n hulpbron beskou word (Reynolds & Temple, 2005). 'n Positiewe houding teenoor die skool, positiewe betrokkenheid by portuurgroepe en goeie ondersteuning van onderwysers sorg verder vir hoër verbintenis en skoolvoltooiing (Benzies & Mychasiuk, 2009; Reynolds & Temple, 2005).

Hoër skoolverbintenis verlaag die effek van risikofaktore en sielkundige probleme soos selfmoordideeë en -pogings, gewelddadige gedrag, substansmisbruik, portuurgroep-teistering en seksuele gedrag (Hall-Lande et al., 2007). Die gevolg hiervan is veiliger gedrag, gesonder uitkomst, hoër akademiese prestasie en 'n verhoogde betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite vir adolessente (Benzies & Mychasiuk, 2009).

Geslagsverskille met betrekking tot veerkragtigheid en beskermende faktore

Adolessente se geslag beïnvloed hulle veerkragtigheid en dit lyk of seuns meer veerkragtig is as meisies as gevolg van meer geleentheid vir onafhanklikheid en beheer (De Villiers, 2009). Navorsing toon dat kinders se geslag 'n noemenswaardige effek op hulle coping-vermoë uitoefen (Hampel & Petermann, 2005).

Seuns is meer geneig om strategieë aan te wend wat direk op die onmiddellike probleem fokus. Strategieë word gewoonlik ge-eksternaliseer en sluit dikwels direkte aksie, positiewe selfinstruksie en afleiding in (Hampel & Petermann, 2005; Sun & Stewart, 2007). Seuns volg 'n veg-of-vlug-respons om stressors te buffer (De Villiers, 2009). Aktiewe coping-meganismes bied groter beskerming teen die negatiewe uitwerking van lewenstressors (Boardman, Blalock, & Button, 2008). Seuns maak ook dikwels van fisiese aktiwiteite soos sportsoorte as coping-meganisme gebruik (Frydenberg & Lewis, 1993; Van Niekerk, 2013). Daarom is seuns meer aksie-gefokus of instrumenteel; met ander woorde hulle neem aksie

om 'n probleem op te los en vind nuwe strategieë ten einde meer in beheer van hulle omstandighede te voel (De Villiers, 2009). Seuns steun ook meer op 'n gevoel van bemeestering, gesinsbetrokkenheid en algemene sosiale ondersteuning as beskermende faktore (De Villiers, 2009).

Navorsing toon dat meisies daaglikse stressors hanteer deur op sosiale ondersteuning soos sosiale hulpbronne en verhoudings as ondersteuningsraamwerke staat te maak (De Villiers, 2009; Jordan, 2006). Meisies gebruik dus 'n “versorg-en-ondersteun”-respons om teen stressors te buffer. Hierdie respons spruit uit emosie-gefokusde coping-meganismes (De Villiers, 2009; Jordan, 2006). Meisies is ook geneig om meer op interpersoonlike en affektiewe beskermende faktore, asook op vriende en familieledede vir emosionele ondersteuning te steun (De Villiers, 2009; Hall-Lande et al., 2007). In 'n studie van Sun en Stewart (2007) het meisies hoër tellings behaal op individuele karaktertrekke wat met kommunikasie, empatie, hulpsoekende gedrag, doelwitte en aspirasie verband hou. Verder blyk meisies ook beter of meer positiewe bande met hul ouers, onderwysers, gemeenskapslede en vriendskappe te handhaaf, wat alles dui op die benutting van beskikbare bates en hulpbronne (Fergus & Zimmerman, 2005; Sun & Stewart, 2007).

In teenstelling met seuns, is meisies meer geneig om oor hul probleme na te dink (Boardman et al., 2008). Terugkerende denke aangaande stressors en probleme is 'n coping-meganisme wat tot verlengde depressiewe episodes kan lei en dus veerkragtigheid en die kans tot 'n meer positiewe uitkoms belemmer (Boardman et al., 2008). Dit wil dus voorkom of meisies meer op innerlike en indirekte strategieë staatmaak, wat tot laer vlakke van veerkragtigheid kan bydra (Hampel & Petermann, 2005).

Ebersohn (2007) het in 'n studie onder 2 391 kinders (3 tot 21 jaar oud) gevind dat hulle hoofsaaklik op die gemeenskap as 'n beskermende faktor staatmaak. Gemeenskappe lewer dus wel mense, strukture, instellings en praktyke wat kinders beskerm, onder andere deur mentorskapprogramme, voorspraak vir kinders, bevordering van veiligheid, regverdige strafsisteme, ontspanningsaktiwiteite, rolmodelle binne die gemeenskap, ondersteuning van bure, kerke en die polisie, asook veilige vervoer (Ebersohn, 2007). Ebersohn (2007) het verder gevind dat die kinders hul skool as 'n bydraende faktor tot hul welstand beskou. Suid-Afrikaanse kinders steun slegs op individuele bates as beskermende faktore indien hierdie bates aan hulle oorgedra of geleer word, maar risiko's (misdad, armoede, afwesige en onbetrokke volwassenes, tekort aan hulpbronne en swak skoolsisteme) belemmer dikwels die

individuele bates (Ebersohn, 2007). Longitudinale studies deur Csikszentmihalyi (2003) het inderdaad bevind dat negatiewe omgewingsomstandighede in gesinne, skole en gemeenskappe tot die verswakking van kinders se individuele kapasiteit en bates lei.

Meer navorsing is egter nodig oor beskermende faktore en die impak daarvan op veerkragtigheid (Masten, 2014). Dit sal dus belangrik wees om vas te stel watter beskermende faktore tot veerkragtigheid in Suid-Afrikaanse adolessente bydra. Die bestudering van beskermende faktore bo en behalwe risikofaktore verskaf 'n holistiese begrip van die verskillende veranderlikes wat 'n invloed op adolessente se lewe uitoefen en 'n bydra tot veerkragtigheid lewer (Hall-Lande et al., 2007; Rew & Horner, 2003).

Metodologie

In hierdie afdeling sal die volgende bespreek en beskryf word ten opsigte van die huidige studie: die navorsingsprobleem en -doelwit, die navorsingsontwerp en -metodologie, die data-insamelingsmetode, etiese oorwegings, meetinstrumente, asook die statistiese tegnieke wat aangewend is.

Navorsingsprobleem en -doelwit

Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe manlike en vroulike middel-adolessente met verskillende veerkragtigheidsprofile van mekaar verskil ten opsigte van beskermende faktore. Die volgende ses groepe is vergelyk ten opsigte van vyf beskermende faktore, naamlik interpersoonlike, intrapersoonlike en affektiewe sterktes, skoolfunksionering, en gesinsbetrokkenheid:

1. Manlike adolessente met 'n hoë veerkragtigheidstelling.
2. Vroulike adolessente met 'n hoë veerkragtigheidstelling.
3. Manlike adolessente met 'n lae veerkragtigheidstelling.
4. Vroulike adolessente met 'n lae veerkragtigheidstelling.
5. Manlike adolessente met 'n gemiddelde veerkragtigheidstelling.
6. Vroulike adolessente met 'n gemiddelde veerkragtigheidstelling.

Die routellings wat vir veerkragtigheid bereken is, is met behulp van Prince-Embury (2007) se normtabelle na T-tellings omgeskakel. Die volgende T-tellings is gebruik as

afsnypunte om die groep te klassifiseer ten opsigte van hoë, gemiddelde en lae vlakke van veerkragtigheid (Prince-Embury, 2007):

Hoog: ≥ 56

Gemiddeld: 46–55

Laag: ≤ 45

Navorsingsontwerp en -metodologie

Ontwerp

Hierdie studie behels kwantitatiewe, nie-eksperimentele navorsing (Howell, 2013). Die ses veerkragtigheidsgroepe is ten opsigte van die beskermende faktore vergelyk met behulp van 'n kriteriumgroeponwerp ten einde te bepaal of die groepe ten opsigte van die afhanklike veranderlikes verskil (Huysamen, 1996). Die onafhanklike veranderlikes in die studie is geslag en veerkragtigheid, en die afhanklike veranderlikes is interpersoonlike, intrapersoonlike en affektiewe sterktes, skoolfunksionering, en gesinsbetrokkenheid.

Data-insameling

'n Bestaande datastel wat tydens 'n groter projek (Risiko en Veerkragtigheid onder Adollesente in die Vrystaat) ingesamel is, is vir hierdie studie gebruik. Die data is ingesamel met behulp van gestandaardiseerde psigometriese toetse wat gedurende skooldae onder die toesig van geregistreerde sielkundiges en psigometriste afgeneem is. Die vraelyste is in Engels, Afrikaans en Sesotho beskikbaar gestel. Geakkrediteerde vertalers het die vraelyste vertaal deur van die terugwaartse vertaalmetode gebruik te maak (Brislin, 1970). Die vraelyste is in groepe van 20 tot 30 deelnemers afgeneem. Die afneem van die vraelyste het ongeveer twee uur geneem en die deelnemers het gedurende die proses rustye gehad sodat hulle hul konsentrasie kon volhou.

Deelnemers

Die deelnemers in hierdie studie is deur middel van 'n waarskynlikheid-steekproeftrekkingsmetode gekies (Maree & Pietersen, 2007). Eenvoudige ewekansige steekproeftrekking is gebruik (Huysamen, 1996; Maree & Pietersen, 2007). Hierdie steekproefmetode sorg dat elke element in die populasie 'n regverdigde kans gegun word om

vir die studie gekies te word (Maree & Pietersen, 2007). Die metode is betroubaar en verskaf 'n verteenwoordigende steekproef (Gravetter, 2014).

Twee skole van elk van die vyf distrikte in die Vrystaat is ewekansig gekies om aan die studie deel te neem. Stedelike sowel as landelike gebiede is ingesluit. Die hele graad 10-groep by elk van die 10 skole is ondersoek. Die steekproef het bestaan uit 973 leerders met 'n gemiddelde ouderdom van 16.34, wat ooreenstem met middel-adolessensie.

Tabel 1

Biografiese beskrywing van die deelnemers (N=973)

Veranderlike	Kategorie	Deelnemers	
		N	Geldige persentasie
Geslag	Manlik	410	42.1
	Vroulik	563	57.9
Ras	Swart	689	71.5
	Gekleurd	87	9
	Wit	166	17.2
	Indiër/Asiaties	22	2.3
Huistaal	Engels	46	4.8
	Afrikaans	228	23.8
	Xhosa	98	10.2
	Zulu	30	3.1
	Sesotho	428	44.6
	Tswana	126	13.1
	Pedi	3	0.3

Let wel: Data wat deur die deelnemers uitgelaat is, is nie by hierdie tabel ingesluit nie

Soos genoem, is die deelnemers in graad 10. Die meerderheid van die deelnemers is vroulik. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2013) is die middel-jaar-bevolkingskattings van meisies, gedurende 2013 en tussen die ouderdom van 15 tot 19 jaar, 49.7% van die bevolking in die Vrystaat en seuns 50.3%. Volgens hierdie statistiek is dit duidelik dat meisies oorverteenvoortwoordig is in die studie. Een van die deelnemende skole was egter 'n meisieskool met groot klasse, wat hierdie verskynsel kan verklaar. Die verspreiding van rasse-groepe in

Suid-Afrika is soos volg: swart (80.2%), wit (8.4%), bruin (8.8%) en Indiër/Asiaties (2.5%) (Statistiek Suid-Afrika, 2013). Dit is dus duidelik dat swart deelnemers onderverteenvoerdig is, terwyl wit deelnemers oorverteenvoerdig is. Die bruin en Indiër/Asiatiese deelnemers is korrek verteenwoordig. Bogenoemde sal in ag geneem word wanneer die resultate geïnterpreteer word.

Meetinstrumente

Die volgende meetinstrumente is gebruik om relevante data vir die studie in te samel: 'n biografiese vraelys, die *Behavioural and Emotional Rating Scale* (BERS) en die *Resiliency Scales for Children and Adolescents* (RSCA). Die biografiese vraelys is afgeneem om die deelnemers se persoonlike en demografiese inligting in te samel, soos hul ouderdom, geslag, en ras.

Die *Behavioural and Emotional Rating Scale* (BERS) (Epstein & Sharma, 1998) bestaan uit 52 selfrapporterende items wat vyf areas van emosionele en gedragsterktes aangaande kinders assessee, naamlik interpersoonlike, intrapersoonlike en affektiewe sterktes, skoolfunksionering, en gesinsbetrokkenheid. Die kind moet 'n reeks stellings op 'n vier-punt- Likert-tipe skaal evalueer (0=Glad nie soos ek nie; 1=Nie heeltemal soos ek nie; 2=Soos ek; 3=Baie soos ek). 'n Hoë telling op enige van hierdie subskale dui op die teenwoordigheid van die sterktes (Epstein, 2004). Alfakoëffisiënte wat wissel van 0.66 tot 0.77 is in studies deur De Villiers (2009) en Wissing (2013) verkry.

In die huidige studie is Cronbach se alfakoëffisiënt vir elk van die vyf subskale bereken. Die koëffisiënt wissel tussen 0.73 en 0.84 wat daarop dui dat die meetinstrument 'n hoë interne konsekwentheid onder die deelnemers van hierdie studie toon.

Die *Resiliency Scales for Children and Adolescents* (RSCA) (Prince-Embury, 2007) bestaan uit drie selfrapporteringskale, naamlik 'n sin van bemeestering, 'n sin van verwantskap, en emosionele reaktiwiteit (Prince-Embury, 2007). Die sin van bemeesteringskaal bestaan uit 20 items, die sin van verwantskapskaal uit 24 items en die emosionele reaktiwiteitskaal uit 20 items (Prince-Embury, 2008). Die items op al drie skale word beantwoord op 'n vyf-punt- Likert-tipe skaal wat die volgende aandui: 0 (nooit), 1 (selde), 2 (soms), 3 (gereeld), 4 (amper altyd) (Prince-Embury, 2008). Volgens Prince-Embury (2007) verwys hoë tellings op die sin van bemeestering- en sin van verwantskapskaal na veerkragtigheid. Hoër tellings behaal op emosionele reaktiwiteit word egter met

kwesbaarheid vir 'n verskeidenheid van risikofaktore vereenselwig (Prince-Embury, 2007). In hierdie studie is slegs die eerste twee subskale gebruik. Die tellings wat op hierdie subskale behaal is, is gekombineer volgens die riglyne in die handleiding ten einde 'n veerkragtigheidsstelling te verkry (Prince-Embury, 2007). 'n Suid-Afrikaanse studie deur De Villiers (2009) het bevind dat die alfakoëffisiënte van hierdie vraelys tussen 0.9 en 0.93 wissel.

In die huidige studie is Cronbach se alfakoëffisiënt soos volg vir die volgende skale bereken: 0.85 vir sin van bemeestering, 0.89 vir sin van verwantskap, en 0.92 vir die gekombineerde skaal. Die meetinstrument toon dus aanvaarbare betroubaarheid, asook 'n hoë interne konsekwentheid onder die deelnemers van hierdie studie.

Die resultate van die studie dui aan dat aanvaarbare interne konsekwentheid van al die meetinstrumente verkry is.

Etiese oorwegings

Die uitvoering van hierdie studie stem ooreen met wetlik en internasionaal aanvaarde standaarde vir die uitvoering van navorsing. Gevolglik is die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika (HPCSA) se riglyne vir die etiese uitvoering van navorsing gevolg, soos bepaal in die Etiese Kode van Gedrag vir Praktisyne onder die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Staatskoerant, 2006).

Toestemming is van die Departement van Onderwys en die skoolhoofde van die betrokke skole verkry. Ingeligte toestemming is ook van die betrokke leerders en hul ouers verkry. Deelname was vrywillig en alle inligting is op 'n konfidensiële wyse hanteer. Alle deelnemers het inligtingstukke rondom coping-vaardighede ontvang, en deelnemers wat as hoërisikogroepe geïdentifiseer is, het die opsie gehad om vir terapie verwys te word.

Data-ontleding

Die statistiese pakket vir Sosiale wetenskappe (SPSS) (Pallant, 2007) is gebruik om die data te analiseer. Beskrywende statistiek is bereken vir al die skale en subskale. Die verskil in beskermende faktore tussen die ses groepe is deur middel van 'n meerveranderlike variansie-ontleding bereken (Hinton, McMurray, & Brownlow, 2014). 'n Meerveranderlike variansie-ontleding word gebruik wanneer daar meer as een afhanklike veranderlike is (Pallant, 2007). Hierdie afhanklike veranderlikes moet op een of ander wyse aan mekaar verwant wees. Die meerveranderlike variansie-ontleding sal dus aandui of daar 'n beduidende

verskil tussen die verskeie groepe ten opsigte van die afhanklike veranderlikes voorkom (Pallant, 2007).

Die resultate wat verkry is van die huidige steekproef word vervolgens bespreek.

Resultate

Beskrywende statistiek

Tabel 2 voorsien die beskrywende statistiek vir albei meetinstrumente wat gebruik is.

Tabel 2

Beskrywende statistiek van die meetinstrumente (N=973)

<i>Behavioural and Emotional Rating Scale</i>								
Sterktes	Gemiddelde	Reeks		SA	Skeefheid		Kurtose	
		Min.	Maks.		Statistiek	Standaardfout	Statistiek	Standaardfout
Interpersoonlike sterktes	24.36	13	42	5.54	0.07	0.09	-0.64	0.169
Intrapersoonlike sterktes	16.24	9	29	3.8	0.61	0.08	-0.09	0.16
Affektiewe sterktes	11.57	5	21	2.91	0.24	0.08	-0.18	0.16
Gesinsbetrokkenheid	15.55	8	28	3.68	0.34	0.08	-0.39	0.17
Skoolfunksionering	15.23	7	27	3.63	0.14	0.08	-0.49	0.16
<i>Resiliency Scales for Children and Adolescents</i>								
Veerkragtigheid	Gemiddelde	Reeks		SA	Skeefheid		Kurtose	
		Min.	Maks.		Statistiek	Standaardfout	Statistiek	Standaardfout
Gekombineerd (sin van bemeestering en sin van verwantskap)	115.1	0	176	23.26	-0.79	0.08	1.96	0.16

Weens die beperkte aantal studies oor sterktes onder adolessente (volgens 'n soektog wat op EbscoHost uitgevoer is, 20 Maart 2015) is dit 'n uitdaging om die huidige resultate met reeds bestaande inligting binne die Suid-Afrikaanse konteks te vergelyk.

Botha (2014) het 'n studie uitgevoer as deel van dieselfde projek, Risiko en Veerkrachtigheid onder Adolessente in die Vrystaat, onder graad 8-leerders waarin die *Behavioural and Emotional Rating Scale* gebruik is. Botha (2014) het die volgende gemiddelde tellings en standaardafwykings gemeld: 33.73 (SA=7.25) vir interpersoonlike sterktes; 26.95 (SA=5.25) vir intrapersoonlike sterktes; 15.69 (SA=3.93) vir affektiewe sterktes; 23.16 (SA=5.13) vir gesinsbetrokkenheid; en 20.84 (SA=4.57) vir skoolfunksionering. Hierdie tellings is almal as gemiddeld geïnterpreteer (Botha, 2014).

Die huidige studie se gemiddelde tellings is dus laer as die gemiddelde wanneer dit met die tellings van Botha (2014) se studie vergelyk word. Die afleiding kan dus gemaak word dat die deelnemers in die huidige studie oor lae sterktes beskik.

Die gemiddelde telling vir die gekombineerde veerkrachtigheidskaal is 115.1 (SA=23.26). Die gemiddelde telling behaal op die gekombineerde skaal korreleer met 'n T-telling van 45, wat op 'n lae vlak van veerkrachtigheid dui (Prince-Embury, 2006).

Inferensiële statistiek

'n Eenrigting-tussengroep- meerveranderlike variansie-ontleding is uitgevoer om die verskille in veerkrachtigheidsprofiel te ondersoek. Vyf afhanklike veranderlikes is ondersoek: intrapersoonlike, interpersoonlike, affektiewe sterktes, gesinsbetrokkenheid, en skoolfunksionering. Die onafhanklike veranderlike is die veerkrachtigheidsprofiel wat met die deelnemers se geslag gekombineer is.

'n Voorlopige-aanname-toets is uitgevoer om die normaliteit, lineariteit, eenveranderlike en meerveranderlike uitskieters, homogeniteit van variansie-kovariansiematrikse en multikollineariteit te meet (Pallant, 2007). Die resultate toon dat daar nie aan die aanname van homogeniteit van variansie voldoen is vir die volgende skale nie: interpersoonlike sterktes ($p=0.001$), gesinsbetrokkenheid ($p=0.000$), intrapersoonlike sterktes ($p=0.000$), en affektiewe sterktes ($p=0.004$), soos geassesseer deur Levene se toets vir homogeniteit van variansie. Om hierdie aanname te korrigeer, moet 'n strengere alfavlak gebruik word met die bepaling van statistiese beduidendheid (0.01 eerder as 0.05). Verder is

Games-Howell se post hoc-toetse uitgevoer in plaas van Tukey se post hoc-toetse omdat daar nie aan die aanname van homogeniteit van variansie vir intrapersoonlike, interpersoonlike en affektiewe sterktes, sowel as gesinsbetrokkenheid, voldoen is nie (Pallant, 2007).

Resultate van die meerveranderlike variansie-ontleding (afhanklike veranderlikes: sterktes; onafhanklike veranderlike: veerkrachtigheidsprofiel) verskyn in tabel 3.

Tabel 3
Meerveranderlike toetse^a

Effek		Waarde	F	Hipotese ν	Fouttelling ν	p	Parsiële eta gekwadreer
Intersep	Pillai se toetsgrootte	.924	1770.424 ^b	5.000	732.000	.000	.924
	Wilks se lambda-toetsgrootte	.076	1770.424 ^b	5.000	732.000	.000	.924
	Hotelling se toetsgrootte	12.093	1770.424 ^b	5.000	732.000	.000	.924
	Roy se toetsgrootte	12.093	1770.424 ^b	5.000	732.000	.000	.924
Veerkrachtigheid_Groepe	Pillai se toetsgrootte	.273	8.513	25.000	3680.000	.000	.055
	Wilks se lambda-toetsgrootte	.734	9.466	25.000	2720.761	.000	.060
	Hotelling se toetsgrootte	.354	10.337	25.000	3652.000	.000	.066
	Roy se toetsgrootte	.326	47.950 ^c	5.000	736.000	.000	.246

a. Ontwerp: Afsnit + Veerkrachtigheid_Groepe

b. Presiese statistiek

c. Die statistiek is 'n bogrens op F wat 'n ondergrens op die beduidendheidsvlak lewer.

Die meerveranderlike variansie-ontleding skep 'n gekombineerde afhanklike veranderlike vanaf die verskeie afhanklike veranderlikes en toets dan vir beduidende verskille tussen die onderskeie groepe op hierdie nuut-gekombineerde afhanklike veranderlike. Die ry wat grys gemerk is in die bostaande tabel dui aan dat daar 'n statisties beduidende verskil tussen die veerkrachtigheidsgroepe op die gekombineerde afhanklike veranderlike is ($F=8.513$; $p=0.000$; Pillai se toetsgrootte=0.273).

Die resultate vir die eenrigting-variensie-ontleding vir elk van die afhanklike veranderlikes word voorsien in tabel 4 om sodoende vas te stel watter van die afhanklike veranderlikes tot die statisties beduidende meerveranderlike variensie-ontleding bygedra het.

Tabel 4

Tussengroep-effekte

Bron		Tipe III som van kwadrate	ν	Kwadraat-gemiddelde	F	p	Parsiële eta kwadraat
Gekorrigeerde model	Interpersoonlike sterktes	4132.552 ^a	5	826.510	34.042	.000	.188
	Gesins-betrokkenheid	1610.450 ^b	5	322.090	29.455	.000	.167
	Intrapersoonlike sterktes	1851.781 ^c	5	370.356	34.272	.000	.189
	Skool-funksionering	617.605 ^d	5	123.521	10.403	.000	.066
	Affektiewe sterktes	878.077 ^e	5	175.615	24.467	.000	.143
Afsnit	Interpersoonlike sterktes	140708.258	1	140708.258	5795.457	.000	.887
	Gesins-betrokkenheid	57934.570	1	57934.570	5298.168	.000	.878
	Intrapersoonlike sterktes	63194.869	1	63194.869	5847.870	.000	.888
	Skool-funksionering	59324.224	1	59324.224	4996.481	.000	.872
	Affektiewe sterktes	32502.812	1	32502.812	4528.425	.000	.860
Veer-kragtigheid _Groepe	Interpersoonlike sterktes	4132.552	5	826.510	34.042	.000	.188
	Gesins-betrokkenheid	1610.450	5	322.090	29.455	.000	.167
	Intrapersoonlike sterktes	1851.781	5	370.356	34.272	.000	.189
	Skool-funksionering	617.605	5	123.521	10.403	.000	.066
	Affektiewe sterktes	878.077	5	175.615	24.467	.000	.143
Fout	Interpersoonlike sterktes	17869.390	736	24.279			
	Gesins-betrokkenheid	8048.035	736	10.935			
	Intrapersoonlike sterktes	7953.567	736	10.806			

	Skool-funksionering	8738.676	736	11.873			
	Affektiewe sterktes	5282.647	736	7.178			
Totaal	Interpersoonlike sterktes	455415.00 0	742				
	Gesins-betrokkenheid	186038.00 0	742				
	Intrapersoonlike sterktes	200462.00 0	742				
	Skool-funksionering	179562.00 0	742				
	Affektiewe sterktes	104843.00 0	742				
Gekorrigeerde totaal	Interpersoonlike sterktes	22001.942	741				
	Gesins-betrokkenheid	9658.485	741				
	Intrapersoonlike sterktes	9805.348	741				
	Skool-funksionering	9356.280	741				
	Affektiewe sterktes	6160.724	741				

Die vlak van statistiese beduidendheid is aangepas vir veelvuldige vergelykings. Gevolglik is 'n Bonferroni-korrelasie toegepas sodat aanvaarding van statistiese beduidendheid vir die eenrigting-variensie-ontleding op $p < 0.002$ ($0.01/5$) eerder as $p < 0.01$ bepaal is weens die feit dat daar vyf afhanklike veranderlikes is. Die bostaande grys rye dui op 'n statisties beduidende verskil vir al die beskermende faktore tussen die veerkragtigheidsgroepe. Dit sluit die volgende in: interpersoonlike sterktes ($F=34.042$; $p=0.000$), gesinsbetrokkenheid ($F=29.455$; $p=0.000$), intrapersoonlike sterktes ($F=34.272$; $p=0.000$), skoolfunksionering ($F=10.403$; $p=0.000$), en affektiewe sterktes ($F=24.467$; $p=0.000$).

Alhoewel die eenrigting-variensie-ontleding in tabel 4 toon dat daar iewers verskille in die afhanklike veranderlikes tussen die veerkragtigheidsgroepe voorkom, dui dit nie presies aan tussen watter groepe hierdie verskille voorkom nie. Gevolglik is post hoc-toetse uitgevoer. Aangesien die aanvaarding van homogeniteit van variensie geskend is, is Games-Howell se post hoc-toetse uitgevoer.

Tabel 5

Veelvuldige vergelykings

Afhanklike veranderlike			Gemiddelde verskil (I-J)	Standaard- fouttelling	<i>p</i>	95% Betroubaarheidsinterval	
						Ondergrens	Bogrens
Interpersoonlike sterktes Totaal	Seuns hoë veerkragtigheid	Meisies hoog	1.466	.928	.616	-1.320	4.253
		Seuns laag	-9.214*	.946	.000	-12.029	-6.399
		Meisies laag	-7.009*	.868	.000	-9.633	-4.384
		Seuns gem.	-6.249*	.899	.000	-8.946	-3.551
		Meisies gem.	-3.511*	.885	.004	-6.176	-.846
	Meisies hoë veerkragtigheid	Seuns hoog	-1.466	.928	.616	-4.253	1.320
		Seuns laag	-1.680*	.668	.000	-12.649	-8.712
		Meisies laag	-8.475*	.552	.000	-1.146	-6.804
		Seuns gem.	-7.715*	.600	.000	-9.502	-5.928
		Meisies gem.	-4.977*	.579	.000	-6.713	-3.241
	Seuns lae veerkragtigheid	Seuns hoog	9.214*	.946	.000	6.399	12.029
		Meisies hoog	1.680*	.668	.000	8.712	12.649
		Meisies laag	2.206*	.583	.003	.528	3.883

		Seuns gem.	2.966 [*]	.628	.000	1.161	4.771
		Meisies gem.	5.704 [*]	.608	.000	3.954	7.454
	Meisies lae veerkragtigheid	Seuns hoog	7.009 [*]	.868	.000	4.384	9.633
		Meisies hoog	8.475 [*]	.552	.000	6.804	1.146
		Seuns laag	-2.206 [*]	.583	.003	-3.883	-.528
		Seuns gem.	.760	.503	.656	-.680	2.200
		Meisies gem.	3.498 [*]	.478	.000	2.129	4.867
		Seuns gemiddelde veerkragtigheid	Seuns hoog	6.249 [*]	.899	.000	3.551
	Meisies hoog	7.715 [*]	.600	.000	5.928	9.502	
	Seuns laag	-2.966 [*]	.628	.000	-4.771	-1.161	
	Meisies laag	-.760	.503	.656	-2.200	.680	
	Meisies gem.	2.738 [*]	.532	.000	1.213	4.262	
	Meisies gemiddelde veerkragtigheid	Seuns hoog	3.511 [*]	.885	.004	.846	6.176
		Meisies hoog	4.977 [*]	.579	.000	3.241	6.713
		Seuns laag	-5.704 [*]	.608	.000	-7.454	-3.954
		Meisies laag	-3.498 [*]	.478	.000	-4.867	-2.129
		Seuns gem.	-2.738 [*]	.532	.000	-4.262	-1.213
	Gesinsbetrokkenheid	Seuns hoë veerkragtigheid	Meisies hoog	1.582	.530	.055	-.023
Seuns laag			-5.155 [*]	.592	.000	-6.909	-3.402

		Meisies laag	-3.996*	.540	.000	-5.621	-2.372
		Seuns gem.	-2.834*	.547	.000	-4.474	-1.194
		Meisies gem.	-1.603	.548	.059	-3.246	.039
	Meisies hoë veerkragtigheid	Seuns hoog	-1.582	.530	.055	-3.187	.023
		Seuns laag	-6.737*	.385	.000	-7.854	-5.620
		Meisies laag	-5.578*	.299	.000	-6.455	-4.702
		Seuns gem.	-4.416*	.310	.000	-5.323	-3.509
		Meisies gem.	-3.185*	.312	.000	-4.098	-2.272
	Seuns lae veerkragtigheid	Seuns hoog	5.155*	.592	.000	3.402	6.909
		Meisies hoog	6.737*	.385	.000	5.620	7.854
		Meisies laag	1.159*	.398	.046	.013	2.305
		Seuns gem.	2.321*	.407	.000	1.151	3.491
		Meisies gem.	3.552*	.408	.000	2.378	4.727
	Meisies lae veerkragtigheid	Seuns hoog	3.997*	.540	.000	2.372	5.621
		Meisies hoog	5.578*	.299	.000	4.702	6.455
		Seuns laag	-1.159*	.398	.046	-2.305	-.013
		Seuns gem.	1.162*	.327	.006	.225	2.100
		Meisies gem.	2.393*	.329	.000	1.450	3.337
	Seuns	Seuns hoog	2.834*	.547	.000	1.194	4.474

	gemiddelde veerkrachtigheid	Meisies hoog	4.416 [*]	.310	.000	3.509	5.323
		Seuns laag	-2.321 [*]	.407	.000	-3.491	-1.151
		Meisies laag	-1.162 [*]	.327	.006	-2.100	-.225
		Meisies gem.	1.231 [*]	.339	.004	.258	2.204
	Meisies gemiddelde veerkrachtigheid	Seuns hoog	1.603	.548	.059	-.039	3.246
		Meisies hoog	3.185 [*]	.312	.000	2.272	4.098
		Seuns laag	-3.552 [*]	.408	.000	-4.727	-2.378
		Meisies laag	-2.393 [*]	.329	.000	-3.337	-1.450
		Seuns gem.	-1.231 [*]	.339	.004	-2.204	-.258
	Intrapersoonlike sterktes Totaal	Seuns hoë veerkrachtigheid	Meisies hoog	1.418 [*]	.363	.005	.321
Seuns laag			-5.713 [*]	.500	.000	-7.168	-4.257
Meisies laag			-3.919 [*]	.395	.000	-5.089	-2.748
Seuns gem.			-3.344 [*]	.413	.000	-4.561	-2.127
Meisies gem.			-1.484 [*]	.397	.006	-2.659	-.309
Meisies hoë veerkrachtigheid		Seuns hoog	-1.418 [*]	.363	.005	-2.515	-.321
		Seuns laag	-7.131 [*]	.404	.000	-8.302	-5.960
		Meisies laag	-5.337 [*]	.263	.000	-6.100	-4.574
		Seuns gem.	-4.762 [*]	.289	.000	-5.600	-3.925
		Meisies gem.	-2.902 [*]	.266	.000	-3.674	-2.130

Seuns lae veerkragtigheid	Seuns hoog	5.713 [*]	.500	.000	4.257	7.168	
	Meisies hoog	7.131 [*]	.404	.000	5.960	8.302	
	Meisies laag	1.794 [*]	.433	.001	.546	3.042	
	Seuns gem.	2.369 [*]	.449	.000	1.075	3.662	
	Meisies gem.	4.229 [*]	.435	.000	2.976	5.481	
Meisies lae veerkragtigheid	Seuns hoog	3.919 [*]	.395	.000	2.748	5.089	
	Meisies hoog	5.337 [*]	.263	.000	4.574	6.100	
	Seuns laag	-1.794 [*]	.433	.001	-3.042	-.546	
	Seuns gem.	.575	.328	.499	-.365	1.515	
	Meisies gem.	2.435 [*]	.308	.000	1.554	3.316	
Seuns gemiddelde veerkragtigheid	Seuns hoog	3.344 [*]	.413	.000	2.127	4.561	
	Meisies hoog	4.762 [*]	.289	.000	3.925	5.600	
	Seuns laag	-2.369 [*]	.449	.000	-3.662	-1.075	
	Meisies laag	-.575	.328	.499	-1.515	.365	
	Meisies gem.	1.859 [*]	.330	.000	.913	2.807	
Meisies gemiddelde veerkragtigheid	Seuns hoog	1.484 [*]	.397	.006	.309	2.659	
	Meisies hoog	2.902 [*]	.266	.000	2.130	3.674	
	Seuns laag	-4.229 [*]	.435	.000	-5.481	-2.976	

		Meisies laag	-2.435*	.308	.000	-3.316	-1.554	
		Seuns gem.	-1.859*	.330	.000	-2.807	-.913	
Skoolfunksionering Totaal	Seuns hoë veerkragtigheid	Meisies hoog	2.106	.921	.224	-.652	4.864	
		Seuns laag	-2.675*	.787	.019	-5.036	-.314	
		Meisies laag	-1.719	.739	.215	-3.967	.529	
		Seuns gem.	-1.614	.752	.290	-3.892	.664	
		Meisies gem.	-.357	.761	.997	-2.655	1.942	
		Meisies hoë veerkragtigheid	Seuns hoog	-2.106	.921	.224	-4.864	.652
		Seuns laag	-4.781*	.684	.000	-6.879	-2.682	
		Meisies laag	-3.825*	.628	.000	-5.808	-1.843	
		Seuns gem.	-3.719*	.643	.000	-5.732	-1.708	
		Meisies gem.	-2.462*	.654	.012	-4.496	-.429	
		Seuns lae veerkragtigheid	Seuns hoog	2.675*	.787	.019	.314	5.036
			Meisies hoog	4.781*	.684	.000	2.682	6.879
			Meisies laag	.956	.405	.177	-.212	2.123
			Seuns gem.	1.061	.429	.136	-.172	2.293
			Meisies gem.	2.318*	.444	.000	1.041	3.596
		Meisies lae veerkragtigheid	Seuns hoog	1.719	.739	.215	-.529	3.967
			Meisies hoog	3.825*	.628	.000	1.843	5.808

		Seuns laag	-.956	.405	.177	-2.123	.212	
		Seuns gem.	.105	.332	1.000	-.845	1.056	
		Meisies gem.	1.363*	.352	.002	.353	2.373	
	Seuns gemiddelde veerkrachtigheid	Seuns hoog	1.614	.752	.290	-.664	3.892	
		Meisies hoog	3.719*	.643	.000	1.708	5.732	
		Seuns laag	-1.061	.429	.136	-2.293	.172	
		Meisies laag	-.105	.332	1.000	-1.056	.845	
		Meisies gem.	1.258*	.379	.013	.172	2.343	
	Meisies gemiddelde veerkrachtigheid	Seuns hoog	.357	.761	.997	-1.942	2.655	
		Meisies hoog	2.462*	.654	.012	.429	4.496	
		Seuns laag	-2.318*	.444	.000	-3.596	-1.041	
		Meisies laag	-1.363*	.352	.002	-2.373	-.353	
		Seuns gem.	-1.258*	.379	.013	-2.343	-.172	
	Affektieve sterktes Totaal	Seuns hoë veerkrachtigheid	Meisies hoog	.962	.491	.383	-.507	2.430
			Seuns laag	-4.189*	.486	.000	-5.621	-2.758
Meisies laag			-2.813*	.419	.000	-4.077	-1.550	
Seuns gem.			-2.895*	.436	.000	-4.199	-1.590	
Meisies gem.			-1.428*	.443	.028	-2.750	-.106	
Meisies hoë		Seuns hoog	-.962	.491	.383	-2.430	.507	

	veerkragtigheid	Seuns laag	-5.151 [*]	.422	.000	-6.402	-3.900
		Meisies laag	-3.775 [*]	.343	.000	-4.834	-2.716
		Seuns gem.	-3.856 [*]	.364	.000	-4.962	-2.751
		Meisies gem.	-2.389 [*]	.373	.000	-3.515	-1.264
	Seuns lae veerkragtigheid	Seuns hoog	4.189 [*]	.486	.000	2.758	5.621
		Meisies hoog	5.151 [*]	.422	.000	3.900	6.402
		Meisies laag	1.376 [*]	.336	.001	.407	2.345
		Seuns gem.	1.295 [*]	.357	.005	.266	2.323
		Meisies gem.	2.762 [*]	.366	.000	1.709	3.814
	Meisies lae veerkragtigheid	Seuns hoog	2.813 [*]	.419	.000	1.550	4.077
		Meisies hoog	3.775 [*]	.343	.000	2.716	4.834
		Seuns laag	-1.376 [*]	.336	.001	-2.345	-.407
		Seuns gem.	-.081	.259	1.000	-.825	.662
		Meisies gem.	1.386 [*]	.271	.000	.608	2.163
	Seuns gemiddelde veerkragtigheid	Seuns hoog	2.895 [*]	.436	.000	1.590	4.199
		Meisies hoog	3.856 [*]	.364	.000	2.751	4.962
		Seuns laag	-1.295 [*]	.357	.005	-2.323	-.266
		Meisies laag	.081	.259	1.000	-.662	.825
		Meisies gem.	1.467 [*]	.297	.000	.616	2.318

	Meisies gemiddelde veerkrachtigheid	Seuns hoog	1.428*	.443	.028	.106	2.750
		Meisies hoog	2.389*	.373	.000	1.264	3.515
		Seuns laag	-2.762*	.366	.000	-3.814	-1.709
		Meisies laag	-1.386*	.271	.000	-2.163	-.608
		Seuns gem.	-1.467*	.297	.000	-2.318	-.616

Gebaseer op die waargenome gemiddelde.

Die foutterm is die kwadraatgemiddelde = 7.178.

*Die gemiddelde verskil is beduidend op die .05 vlak.

Die vergelyking van die ses groepe het tot 15 moontlike kombinasies gelei. Die meeste groepe het ten opsigte van interpersoonlike sterktes, gesinsbetrokkenheid, intrapersoonlike en affektiewe sterktes beduidend van mekaar verskil. Ten opsigte van skoolfunksionering het slegs ses kombinasies beduidende verskille getoon, naamlik:

- Meisies Hoë Veerkrachtigheid en Seuns Lae Veerkrachtigheidsgroepe
- Meisies Hoë Veerkrachtigheid en Meisies Lae Veerkrachtigheidsgroepe
- Meisies Hoë Veerkrachtigheid en Seuns Gemiddelde Veerkrachtigheidsgroepe
- Meisies Hoë Veerkrachtigheid en Meisies Gemiddelde Veerkrachtigheidsgroepe
- Seuns Lae Veerkrachtigheid en Meisies Gemiddelde Veerkrachtigheidsgroepe
- Meisies Lae Veerkrachtigheid en Meisies Gemiddelde Veerkrachtigheidsgroepe.

Verder blyk dit dat geslagsverskille ook voorkom. Die verskille dui onder meer aan dat selfs in die hoë veerkrachtigheidsgroep die seuns en meisies beduidend verskil ten opsigte van interpersoonlike sterktes, gesinsbetrokkenheid, skoolfunksionering, en affektiewe sterktes. In die lae veerkrachtigheidsgroep verskil seuns en meisies beduidend ten opsigte van gesinsbetrokkenheid en skoolfunksionering.

Die onderstaande tabel dui aan watter van die veerkrachtigheidsgroepe hoër tellings vir die verskeie sterktes behaal het, asook watter laer tellings behaal het.

Tabel 6*Beskrywende statistiek*

Veerkragtigheid_Groepe		Gemiddelde	Standaard-afwyking	N
Interpersoonlike sterktes	Seuns hoë veerkragtigheid	18.154	4.125	26
	Meisies hoë veerkragtigheid	16.690	1.815	16
	Seuns lae veerkragtigheid	27.370	5.053	106
	Meisies lae veerkragtigheid	25.160	5.179	271
	Seuns gemiddelde veerkragtigheid	24.400	5.169	174
	Meisies gemiddelde veerkragtigheid	21.660	4.388	149
	Totaal	24.170	5.449	742
Gesinsbetrokkenheid	Seuns hoë veerkragtigheid	12.270	2.507	26
	Meisies hoë veerkragtigheid	1.690	0.793	16
	Seuns lae veerkragtigheid	17.420	3.392	106
	Meisies lae veerkragtigheid	16.270	3.690	271
	Seuns gemiddelde veerkragtigheid	15.100	3.148	174
	Meisies gemiddelde veerkragtigheid	13.870	2.944	149
	Totaal	15.420	3.610	742
Intrapersoonlike sterktes	Seuns hoë veerkragtigheid	12.730	1.687	26
	Meisies hoë veerkragtigheid	11.310	0.602	16
	Seuns lae veerkragtigheid	18.440	3.865	106
	Meisies lae veerkragtigheid	16.650	3.556	271
	Seuns gemiddelde veerkragtigheid	16.070	3.260	174

	Meisies gemiddelde veerkragtigheid	14.210	2.673	149
	Totaal	16.030	3.638	742
Skoolfunksionering	Seuns hoë veerkragtigheid	13.730	3.606	26
	Meisies hoë veerkragtigheid	11.630	2.363	16
	Seuns lae veerkragtigheid	16.410	3.550	106
	Meisies lae veerkragtigheid	15.450	3.508	271
	Seuns gemiddelde veerkragtigheid	15.340	3.357	174
	Meisies gemiddelde veerkragtigheid	14.090	3.423	149
	Totaal	15.150	3.553	742
Affektiewe sterktes	Seuns hoë veerkragtigheid	8.960	1.969	26
	Meisies hoë veerkragtigheid	8.000	1.211	16
	Seuns lae veerkragtigheid	13.150	3.033	106
	Meisies lae veerkragtigheid	11.770	2.670	271
	Seuns gemiddelde veerkragtigheid	11.860	2.670	174
	Meisies gemiddelde veerkragtigheid	1.390	2.650	149
	Totaal	11.530	2.883	742

Die bostaande tabel toon dat seuns sowel as meisies met hoë veerkragtigheid geneig is om die laagste tellings op sterktes te behaal, terwyl seuns sowel as meisies met lae veerkragtigheid geneig is om die hoogste tellings op sterktes te behaal. Verder het die seuns vir al die sterktes hoër tellings as die meisies behaal.

Die doel van hierdie studie was om vas te stel hoe manlike en vroulike adolessente met verskeie veerkragtigheidsprofile van mekaar verskil ten opsigte van beskermende faktore. Uit die resultate is dit duidelik dat manlike sowel as vroulike adolessente oor die algemeen lae tellings op veerkragtigheid sowel as sterktes behaal het, asook dat daar

beduidende verskille bestaan tussen die verskillende groepe ten opsigte van die vlak van sterktes wat hulle gebruik. Die groepe met hoër veerkragtigheid is geneig om laer vlakke van sterktes te toon.

Bespreking

Twee belangrike bevindinge kan uit die resultate gemaak word. Eerstens is bevind dat die manlike sowel as vroulike deelnemers lae veerkragtigheid en sterktes toon. Hierdie resultate is kommerwekkend. Wanneer die resultate met dié van Botha (2014) vergelyk word, is dit duidelik dat veerkragtigheid en sterktes tussen graad 8 en graad 10 'n afwaartse tendens toon. Tweedens is beduidende verskille geïdentifiseer tussen die onderskeie groepe ten opsigte van die vlak van sterktes wat hulle gebruik. Die groepe met hoër veerkragtigheid is geneig om laer vlakke van sterktes te toon. Hierdie bevinding is verrassend sowel as kommerwekkend. Verder is daar ook bevind dat die seuns vir al die sterktes hoër tellings as die meisies behaal het.

Die huidige Suid-Afrikaanse konteks kan moontlik hierdie kommerwekkende en verrassende resultate verduidelik. Soos vroeër bespreek, word adolessente in Suid-Afrika daagliks aan 'n verskeidenheid risikofaktore blootgestel (Blakemore & Mills, 2014; Kessler et al., 2010; Mathews et al., 2014; SAPD, 2012; Theron & Theron, 2010). Volgens die ekologiese model (Bronfenbrenner, 1994) kan die wanfunksionering van distale sisteme, soos die makrosisteem, 'n individu se ontwikkeling beïnvloed deur 'n rimpeleffek op die ander, meer proksimale sisteme, soos die mikro-sisteem, uit te oefen (Visser & Moleko, 2012). Hierdie rimpeleffek kan die individu se ontwikkeling, karaktereienskappe en toegang tot hulpbronne belemmer (Bronfenbrenner, 1994).

Soos vroeër bespreek, het distale faktore soos armoede, werkloosheid, wetgewing en kulturele praktyke 'n negatiewe uitwerking op Suid-Afrikaanse kinders. Dit plaas gesinne, gemeenskappe, en ander sisteme onder druk en veroorsaak 'n negatiewe impak nie net op individuele ontwikkeling nie, maar ook op verhoudings met ander (Kessler et al., 2010; Richter, 2004; Richter & Dawes, 2008; Theron & Theron, 2010; Townsend & Dawes, 2004). Dit lei verder tot 'n afname in gesin- en familie-ondersteuning, wat op sy beurt onsekere gehegtheid, ongesonde verhoudingspatrone en outoritêre of onbetrokke ouerskap tot gevolg het (Bowlby, 1969; Dunn & Craig, 2013; Luthar, 2006; Prince-Embury & Steer, 2010;

Townsend & Dawes, 2004). 'n Plek wat eens 'n veilige vesting en tuiste vir kinders was, is duidelik besig om binne die Suid-Afrikaanse konteks te verbrokkel.

Die Suid-Afrikaanse skoolsisteme laat kinders ook in die steek: die huidige gebrek aan kontrole en beheer verhoog adolessente se blootstelling aan traumatiese gebeure in die skoolomgewing (Jackson et al., 2006; Seedat et al., 2009; Van Niekerk, 2013). Dit is dus duidelik dat die eise van gemeenskappe en die samelewing groter is as die vermoë, hulpbronne en bates van kinders in Suid-Afrika vanweë die verbrokkeling van hierdie sisteme.

Bogenoemde verklaar moontlik waarom kinders nie meer hoofsaaklik op die gemeenskap as 'n beskermende faktor staatmaak soos in Ebersohn (2007) se studie nie. Die strukture, mense, instellings en praktyke waarop kinders binne gemeenskappe staatgemaak het, bied moontlik nie meer soveel ondersteuning soos 'n dekade gelede nie. Ebersohn (2007) is egter van mening dat kinders wel op individuele bates as beskermende faktore steun indien hierdie bates aan hulle oorgedra of geleer word. Weens die swak gesins- en skoolbetrokkenheid in die Suid-Afrikaanse konteks, vind kinders dit dalk moeilik om effektiewe aanpassingsvermoëns aan te leer, wat weer individuele kapasiteit tot veerkragtigheid belemmer.

Die uitwerking van die wanfunksionering van die Suid-Afrikaanse sisteme is dat kinders in die steek gelaat word deur proksimale sisteme soos hulle gesinne, die polisie en skole wat kommerwekkende lae vlakke van verantwoordelikheid en betrokkenheid toon (Richter & Dawes, 2008). Hierdie wydverspreide onreg teenoor kinders lei daartoe dat beskermende meganismes, soos hulpbronne, onder swaar druk geplaas word of geheel en al ontbreek (Richter & Dawes, 2008).

'n Begrip van die Suid-Afrikaanse konteks kan moontlik lig werp op die feit dat adolessente nie werklik steun op bates soos intrapersonlike, interpersoonlike en affektiewe sterktes nie: daar is 'n tekort aan ouerlike ondersteuning en modellering van aanvaarbare en effektiewe gedrag. Dit beïnvloed weer die ontwikkeling van selfdoeltreffendheid, asook effektiewe sosiale vaardighede en aanpassingsvermoëns (Luthar, 2006; Prince-Embury & Saklofske, 2014; Prince-Embury & Steer, 2010; Thorne & Kohut, 2007).

Die afname in sterktes en veerkragtigheid kan verder verklaar word deur die feit dat ouer adolessente toenemend aan riskante gedrag, groter druk, en verwagtinge ten opsigte van

groter onafhanklikheid blootgestel word (Dunn & Craig, 2013). Buiten hierdie eise, raak die individu ook toenemend betrokke in meer distale sisteme met verloop van die lewenspan (Bronfenbrenner, 1979). Hoe ouer adolessente dus word, hoe meer word hulle aan die risikofaktore kenmerkend van die Suid-Afrikaanse konteks uitgelewer.

Die tweede bevinding van die studie, naamlik die beduidende verskille tussen die onderskeie groepe ten opsigte van die vlak van sterktes wat hulle gebruik, is verrassend omdat hulpbronne sowel as individuele eienskappe (bates) gewoonlik 'n belangrike bydrae tot veerkragtigheid lewer (Fergus & Zimmerman, 2005). In Suid-Afrika kan die omvangryke gebrek aan hulpbronne egter veroorsaak dat adolessente se pogings om op sterktes soos skoolfunksionering en gesinsbetrokkenheid te steun, ondermyn word. Dit is ook moeilik vir adolessente om op bates soos intrapersoonlike, interpersoonlike en affektiewe sterktes te steun weens die gebrek aan ondersteunende, wederkerige prosesse binne hulle onmiddellike omgewing (Bronfenbrenner, 1994). Om hierdie rede het adolessente wat steeds op sterktes probeer steun laer tellings op veerkragtigheid behaal. Adolessente kan 'n gevoel van verlies van beheer en hulpeloosheid ervaar as hulle waarneem hoe hulle sterktes nie 'n beduidende verskil in hulle omstandighede maak nie. Die kommerwekkende vraag is egter waarop adolessente deesdae staatmaak om meer veerkragtig te wees.

Buiten die impak op beskermende faktore, kan wanfunksionering binne sisteme ook normale ontwikkelingsproesse nadelig beïnvloed. Volgens Bronfenbrenner (1994) vind effektiewe ontwikkeling plaas deur progressiewe wederkerige prosesse binne 'n individu se onmiddellike omgewing soos ouer-kind-aktiwiteite, groepsondersteuning, spel, die aanleer van nuwe vaardighede en die uitvoering van komplekse take (Brink & Wissing, 2012). Hierdie prosesse moet aktief wees en dus gereeld plaasvind met verloop van tyd (Brink & Wissing, 2012). Weens die afname in gesins- en skoolbetrokkenheid en -ondersteuning is daar 'n afwesigheid van aktiewe ontwikkelingsproesse tussen kinders en hulle onmiddellike omgewing, wat lei tot belemmerde ontwikkeling en verswakking van die individu self. Die veranderinge in die samelewing, veral in gesin- en skoolomgewings, dra grootliks by tot riskante gedrag onder adolessente (Larson et al., 2002; Van Niekerk, 2013). Hierdie omstandighede blyk vêrreikend in ons land te wees en die negatiewe impak daarvan oorskadu enige moontlike weerstand wat adolessente met behulp van hulle individuele sterktes kan bied.

'n Moontlike verklaring vir die bevinding dat seuns oor die algemeen hoër tellings op sterktes behaal het, is die strategieë en coping-vermoë wat seuns gewoonlik benut. Soos reeds bespreek, is seuns meer geneig om aksie-gefokus of instrumenteel op te tree en die negatiewe effekte van lewenstressors te eksternaliseer (De Villiers, 2009; Hempel & Petermann 2005). In teenstelling is meisies meer geneig om op innerlike en indirekte strategieë staat te maak en dikwels probleme te internaliseer (Boardman et al., 2008; Hempel & Petermann, 2005). Daarom is seuns dalk meer bewus van hulpbronne soos skoolfunksionering en gesinsbetrokkenheid en wend hulle dit meer aan weens hulle aksie-gefokusde of instrumentele benadering. Daar is ook bevind dat seuns meer op 'n sin van bemeestering, gesinsbetrokkenheid en algemene sosiale ondersteuning as beskermende faktore steun (De Villiers, 2009).

Dit is egter verrassend dat seuns blyk om ook meer staat te maak op intrapersoonlike en affektiewe sterktes as meisies. Dit is in teenstelling met reeds bestaande navorsing wat beweer dat meisies meer geneig is om 'n “versorg-en-ondersteun”-respons as 'n buffer teen stressors te toon en om meestal emosie-gefokusde coping-meganismes toe te pas (De Villiers, 2009; Hall-Lande et al., 2007; Jordan, 2006). Dit mag egter wees dat die beskermende-beskermende-model (Zolkoski & Bullock, 2012) hier van toepassing is, en dat seuns se geneigheid om hulpbronne te benut, die kans verhoog dat hulle ook ander bates en sterktes kweek.

Die toepaslikheid van die meetinstrumente in die Suid-Afrikaanse konteks kan moontlik nog 'n verduideliking wees vir die kommerwekkende en verrassende resultate dat groepe met hoër veerkragtigheid laer vlakke van sterktes toon. Dit is nie die betroubaarheid van die meetinstrumente wat in twyfel getrek word nie. Die *Behavioural and Emotional Rating Scale* (BERS) (Epstein & Sharma, 1998) se alfa-koëffisiënte wissel tussen .84 en .73, en die *Resiliency Scales for Children and Adolescents* (RSCA) (Prince-Embury, 2007) tussen .92 en .89, wat daarop dui dat die meetinstrumente 'n hoë interne konsekwentheid onder die deelnemers van hierdie studie toon.

Die vraag is egter of hierdie meetinstrumente geldig is, met ander woorde meet hierdie instrumente wat dit veronderstel is om te meet binne die Suid-Afrikaanse konteks, en is dit relevant (Stangor, 2011)? Albei hierdie meetinstrumente se vrae verwys dikwels na hulpbronne. Dit kan die beantwoording van hierdie vrae moeilik maak vir kinders wat nie toegang tot genoemde hulpbronne het nie.

Die outeurs van die *Behavioural and Emotional Rating Scale* (BERS) (Epstein & Sharma, 1998) veronderstel ook dat kinders ouers het. Dit kan verwarrend vir kinders voorkom in Suid-Afrika waar grootouers en ouer broers en susters dikwels die versorgende en ouerlike rol inneem (Smith & Palmieri, 2007). Die vraelys neem ook aan dat kinders broers en susters het, wat ook verwarrend kan wees vir enkelkinders wat die vraelys voltooi. Gevolglik blyk dit nodig om die vraelys wat veerkragtigheid en sterktes meet vir die Suid-Afrikaanse konteks te hersien.

Die verrassende resultate is 'n duidelike oproep vir meer navorsing aangaande faktore wat tot veerkragtigheid bydra en die sterktes wat 'n rol hierin speel gedurende middel-adolessensie in Suid-Afrika. Sodanige navorsing kan meer lig werp op die kwessie van toepaslike en nodige intervensies. Intervensies moet dalk meer fokus op distale aspekte binne die makrosisteme van Suid-Afrika wat 'n effek op individuele ontwikkeling en aanpassing uitoefen, in plaas van op proksimale, individuele aspekte.

Samevatting

Die doel van hierdie studie was om vas te stel hoe manlike en vroulike adolessente met verskeie veerkragtigheidsprofile van mekaar verskil ten opsigte van beskermende faktore. Daar is bevind dat manlike sowel as vroulike adolessente lae veerkragtigheid en sterktes toon, asook dat daar beduidende verskille tussen die groepe voorkom. Groepe met hoër veerkragtigheid toon laer vlakke van sterktes, terwyl groepe met laer veerkragtigheid hoër vlakke van sterktes toon. Hierdie resultate is terselfdertyd verrassend en kommerwekkend en daag vorige kennis en navorsing aangaande bydraende faktore tot veerkragtigheid gedurende middel-adolessensie uit.

Hierdie studie lewer 'n bydrae tot reeds bestaande literatuur oor die impak van beskermende faktore op veerkragtigheid onder manlike sowel as vroulike adolessente in die Vrystaat. Die resultate beklemtoon die feit dat die Suid-Afrikaanse konteks 'n groter impak op kinders se ontwikkeling kan uitoefen as wat ons beseft, veral ten opsigte van beskikbare hulpbronne en ondersteuning. Die studie bevraagteken dus bestaande navorsing en vorige kennis en begrip van die sterktes (hulpbronne sowel as bates) wat gedurende adolessensie 'n bydrae tot veerkragtigheid lewer. Weens die tekort aan nodige hulpbronne en ondersteuning, moet die fokus verskuif van intervensies op proksimale, individuele vlak, na 'n distale vlak

binne die makrosisteme van Suid-Afrika. Op hierdie manier kan sisteme herstel word om weer bevorderlik vir individuele ontwikkeling te wees.

Dit is belangrik dat die resultate van die studie binne die konteks van die studie se beperkinge geïnterpreteer word. Die resultate kan slegs veralgemeen word tot manlike en vroulike middel-adolesente in die Vrystaat. Daar kan dus nie gevolgtrekkings gemaak word wat op alle adolessente binne die Suid-Afrikaanse konteks betrekking het nie. 'n Steuringsveranderlike wat moontlik 'n rol in die studie kon speel, is die intellektuele en interpretasievermoëns van die leerders wat 'n invloed op hulle begrip en beantwoording van die vrae kon uitoefen. Dit is dus moeilik om te bepaal of die deelnemers wel die vrae korrek verstaan het. Die vraelyste is ook in groepe afgeneem, wat dit moeilik maak vir leerders om vrae uit te lig wat hulle nie verstaan nie.

Die gebruik van selfrapporteringsvraelyste hou ook sekere beperkinge in. Individue gee nie altyd 'n akkurate beeld van hulleself tydens die beantwoording van hierdie soort vraelyste nie (Stangor, 2011). Die mees algemene verduideliking vir hierdie verskynsel is deelnemers wat sosiaal aanvaarbare antwoorde voorsien ter selfbevordering (Stangor, 2011). Die antwoorde is dus nie altyd eerlik en 'n ware weerspieëling van die individu self nie. Dit is ook moontlik dat middel-adolesente hulleself nog nie goed genoeg ken om betroubare antwoorde te verskaf nie. Die deelnemers kon daarom inligting voorsien het wat nie 'n ware weerspieëling is van die sterktes, bates en hulpbronne wat hulle benut ten einde meer veerkragtig te wees nie. Toekomstige studies kan dus van subjektiewe vraelyste sowel as objektiewe aanduiders van veerkragtigheid (soos skoolprestasie) gebruik maak.

Vroulike en wit adolessente is oorverteenvoerdig in hierdie studie (57.9% en 17.2% onderskeidelik) in vergelyking met huidige bevolkingstatistiek (Statistiek Suid-Afrika, 2013). Die biografiese samestelling van die steekproef kon dus die resultate van die studie beïnvloed het.

Laastens word die geldigheid en toepaslikheid van die meetinstrumente wat gebruik is om veerkragtigheid en sterktes te meet, ook bevraagteken. Die studie het 'n behoefte onthul om toepaslike en geldige meetinstrumente binne die Suid-Afrikaanse konteks te ontwikkel.

Toekomstige studies kan meer provinsies insluit sodat die resultate binne die breë Suid-Afrikaanse konteks veralgemeen kan word. Meetinstrumente wat vir die Suid-Afrikaanse konteks gestandaardiseer is, kan ontwikkel word. 'n Faktoranalise van die twee

skale wat in die huidige studie gebruik is, kan ook nuttig wees in hierdie verband. Laastens kan die faktore wat tot veerkragtigheid en sterktes gedurende middel-adolessensie bydra kwalitatief ondersoek word om dieper insig in hierdie faktore te ontwikkel. Meer navorsing kan dus tot meer toepaslike en nodige intervensies lei.

Volgens die bevindinge van hierdie studie kan die bestudering van, en intervensies in, sisteme tans van groter belang wees as individuele intervensies. Daarom sal dit baat om ouers, onderwysers, sielkundiges en rolspelers in meer distale sisteme beter in te lig oor die faktore wat tot kinders se veerkragtigheid bydra. Dit wil voorkom of intervensies in Suid-Afrika plaasvind nadat die individu reeds aan verskeie risikofaktore blootgestel is; die kans om dan veerkragtigheid te ontwikkel, is gevolglik minimaal. Die ideaal is om veilige, ondersteunende en goed funksionerende distale sisteme (byvoorbeeld 'n gehalte-onderwysstelsel) in plek te stel en beleid te ontwikkel (byvoorbeeld werkskepping vir ouers) om die risiko's waaraan kinders blootgestel word, te verminder. Seccombe (2002) het reeds meer as 'n dekade gelede onomwonde gestel dat dit ongehoord is om van kinders te verwag om veerkragtig te bly te midde van chroniese omgewingsrisiko's – dit bly immers die plig van 'n land se leiers en volwassenes om hierdie risiko's te verminder. Die bevindinge van die huidige studie dui daarop dat hierdie stelling steeds in die Suid-Afrikaanse konteks van toepassing is.

Bronnelys

- Bandura, A. (1997). *Self-efficacy: The exercise of control*. New York, NY: W.H. Freeman.
- Benzies, K., & Mychasiuk, R. (2009). Fostering family resiliency: A review of the key protective factors. *Child & Family Social Work, 14*(1), 103–114. doi:10.1111/j.1365-2206.2008.00586.x
- Blakemore, S. J., & Mills, K. L. (2014). Is adolescence a sensitive period for sociocultural processing? *Annual Review of Psychology, 65*(1), 187–207. doi:10.1146/annurev-psych-010213-115202
- Boardman, J. D., Blalock, C. L., & Button, T. M. M. (2008). Sex differences in the heritability of resilience. *Twin Research and Human Genetics, 11*(01), 12–27. doi:10.1375/twin.11.1.12

- Botha, A. (2014). The influence of risk and resilience factors on the life satisfaction of adolescents. Ongepubliseerde doktorsale tesis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika.
- Bowlby, J. (1969). *Attachment and loss*. New York, NY: Basic Books.
- Brink, A. J., & Wissing, M. P. (2012). A model for a positive youth development intervention. *Journal of Child & Adolescent Mental Health*, 24(1), 1–13. doi:10.2989/17280583.2012.673491
- Brislin, R. W. (1970). Back-translation for cross-cultural research. *Journal of Cross-Cultural Psychology*, 1(3), 185–216. doi:10.1177/135910457000100301
- Bronfenbrenner, U. (1979). *The ecology of human development: Experiments by nature and design*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Bronfenbrenner, U. (1994). Ecological models of human development. *International Encyclopedia of Education*, 3(2), 1643–1647. Verkry vanaf <http://www.psy.cmu.edu/~sieglar/35bronfenbrenner94.pdf>
- Coleman, J., & Hagell, A. (2007). The nature of risk and resilience in adolescence. In J. Coleman, & A. Hagell (Eds.), *Adolescence, risk and resilience: Against the odds* (pp. 1–16). Chichester, UK: Wiley.
- Crone, E. A., & Dahl, R. E. (2012). Understanding adolescence as a period of social-affective engagement and goal flexibility. *Nature Reviews Neuroscience*, 13(9), 636–650. doi:10.1038/nrn3313
- Csikszentmihalyi, M. (2003). Legs or wings? A reply to R.S. Lazarus. *Psychological Inquiry*, 14(2), 113–115. Verkry vanaf <http://www.jstor.org/wagtail.ufs.ac.za/stable/pdf/1449815.pdf?acceptTC=true>
- De Villiers, M. (2009). Die ontwikkeling en evaluering van 'n intervensieprogram om kinders se stresweerstandigheid te bevorder. Ongepubliseerde doktorsale tesis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika.
- Doll, B., Pfohl, W., & Yoon, J. (Eds.). (2010). *Handbook of youth prevention science*. New York, NY: Routledge.

- Dunn, W. & Craig, G. (2013). *Understanding human development* (3rd ed.). Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall
- Ebersohn, L. (2007). Voicing perceptions of risk and protective factors in coping in a HIV & AIDS landscapes reflecting on capacity for adaptiveness. *Gifted Education International*, 23(2), 149–159. doi:10.1177/026142940702300205
- Epstein, M. H. (1999). The development and validation of a scale to assess the emotional and behavioral strengths of children and adolescents. *Remedial and Special Education*, 20(5), 258–262. Verkry vanaf <http://www.psychwiki.com/dms/other/labgroup/Measufdsfdbger345resWeek1/Marliyn/Epstein1999.pdf>
- Epstein, M. H. (2000). The behavioral and emotional rating scale: A strength-based approach to assessment. *Assessment for Effective Intervention*, 25(3), 249–256. doi:10.1177/073724770002500304
- Epstein, M. H. (2004). Validity and reliability of the behavioral and emotional rating scale (2nd ed.): Youth Rating Scale. *Research on Social Work Practice*, 14(5), 358–367. doi:10.1177/1049731504265832
- Epstein, M. H., & Sharma, J. M. (1998). *Behavioral and Emotional Rating Scale: A strength-based approach to assessment*. Austin, TX: PRO-ED
- Fearon, R. P., Bakermans-Kranenburg, M. J., Van Ijzendoorn, M. H., Lapsley, A.-M., & Roisman, G. I. (2010). The significance of insecure attachment and disorganization in the development of children's externalizing behavior: A meta-analytic study. *Child Development*, 81(2), 435–456. doi:10.1111/j.1467-8624.2009.01405.x
- Fergus, S., & Zimmerman, M. A. (2005). Adolescent resilience: A framework for understanding healthy development in the face of risk. *Annual Review of Public Health*, 26(1), 399–419. doi:10.1146/annurev.publhealth.26.021304.144357
- Fleming, J., & Ledogar, R. J. (2008). Resilience, an evolving concept: A review of literature relevant to Aboriginal research. *Pimatisiwin*, 6(2), 7–23. Verkry vanaf <http://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC2956753/pdf/nihms387.pdf>

- Friborg, O., Barlaug, D., Martinussen, M., Rosenvinge, J. H., & Hjemdal, O. (2005). Resilience in relation to personality and intelligence. *International Journal of Methods in Psychiatric Research*, *14*(1), 29–42. Verkry vanaf <http://static1.squarespace.com/static/51abe64ee4b0a1344208e98a/t/51d3cfc1e4b0856868330880/1372835777954/RSA+%28Friborg+et+al.%2C+2005%29.pdf>
- Frydenberg, E., & Lewis, R. (1993). Boys play sport and girls turn to others: Age, gender and ethnicity as determinants of coping. *Journal of Adolescence*, *16*(3), 253–266. doi:10.1006/jado.1993.1024
- Gravetter, F. J. (2014). *Research methods for the behavioral sciences* (5th ed.). Stamford, CT: Cengage Learning.
- Hall-Lande, J. A., Eisenberg, M. E., Christenson, S. L., & Neumark-Sztainer, D. (2007). Social isolation, psychological health, and protective factors in adolescence. *Adolescence-San Diego*, *42*(166), 265. Verkry vanaf <https://www.learnatnorth.org/lchaffee/PSY100/Journal%20Articles/Hall-Lande%20et%20al%202007.pdf>
- Hampel, P., & Petermann, F. (2005). Age and gender effects on coping in children and adolescents. *Journal of Youth and Adolescence*, *34*(2), 73–83. doi:10.1007/s10964-005-3207-9
- Hare, T. A., Tottenham, N., Galvan, A., Voss, H. U., Glover, G. H., & Casey, B. J. (2008). Biological substrates of emotional reactivity and regulation in adolescence during an emotional go-no-go task. *Biological Psychiatry*, *63*(10), 927–934. doi:10.1016/j.biopsych.2008.03.015015
- Hinton, P., McMurray, I., & Brownlow, C. (2014). *SPSS explained* (1st ed.). London: Routledge, Taylor & Francis Group.
- Howell, D. C. (2013). *Statistical methods for psychology* (8th ed.). Belmont, CA: Wadsworth Cengage Learning.
- Huysamen, G. K. (1996). *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Pretoria: International Thomson Publishing.

- Jackson, L. T. B., Rothmann, S., & Van de Vijver, F. J. R. (2006). A model of work-related well-being for educators in South Africa. *Stress and Health*, 22(4), 263–274. doi:10.1002/smi.1098
- Jewkes, R. K., Dunkle, K., Nduna, M., Jama, P. N., & Puren, A. (2010). Associations between childhood adversity and depression, substance abuse and HIV and HSV2 incident infections in rural South African youth. *Child Abuse & Neglect*, 34(11), 833–841. doi:10.1016/j.chiabu.2010.05.002
- Jimerson, S. R., & Wilson, M. (2001). The California school psychologist as a catalyst for change. *The California School Psychologist*, 6, 2–4. Verkry vanaf <http://www.caspwebcasts.org/pdfs/journal01.pdf#page=4>
- Jordan, J. V. (2006). Relational resilience in girls. In S. Goldstein., & R. B. Brooks. (Eds.), *Handbook of resilience in children* (pp. 73–86). New York, NY: Kluwer Academic/Plenum.
- Kessler, R. C., McLaughlin, K. A., Green, J. G., Gruber, M. J., Sampson, N. A., Zaslavsky, A. M., ... Williams, D. R. (2010). Childhood adversities and adult psychopathology in the WHO World Mental Health Surveys. *The British Journal of Psychiatry*, 197(5), 378–385. doi:10.1192/bjp.bp.110.080499
- Kruger, L., & Prinsloo, H. (2008). The appraisal and enhancement of resilience modalities in middle adolescents within the school context. *South African Journal of Education*, 28, 241–259. Verkry vanaf <http://www.scielo.org.za/pdf/saje/v28n2/a07v28n2.pdf>
- Larson, R. W., Moneta, G., Richards, M. H., & Wilson, S. (2002). Continuity, stability, and change in daily emotional experience across adolescence. *Child Development*, 73(4), 1151–1165. doi:10.1111/1467-8624.00464
- Luthar, S. S. (2006). Resilience in development: A synthesis of research across five decades. In D. Cicchetti & D. J. Cohen, (Eds.), *Developmental psychopathology. Volume 3. Risk, disorder, and adaptation* (2nd ed., pp. 739-795). New York, NY: Wiley.
- Luthar, S. S., Cicchetti, D., & Becker, B. (2000). The construct of resilience: A critical evaluation and guidelines for future work. *Child Development*, 71(3), 543–562. Verkry vanaf <http://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC1885202/pdf/nihms-21559.pdf>

- Maree, K., & Pietersen, J. (2007). Sampling. In K. Maree (Ed.), *First steps in research* (pp. 172–183). Pretoria: Van Schaik.
- Masten, A. S. (2006). Developmental psychopathology: Pathways to the future. *International Journal of Behavioral Development, 30*, 47–54. doi:10.1177/0165025406059974
- Masten, A. S. (2014). Global perspectives on resilience in children and youth. *Child Development, 85*(1), 6–20. doi:10.1111/cdev.12205
- Masten, A. S., & Obradovic, J. (2008). Disaster preparation and recovery: Lessons from research on resilience in human development. *Ecology and Society, 13*(1), 9. Verkry vanaf <http://www.ecologyandsociety.org/vol13/iss1/art9/>
- Mathews, S., Jamieson, L., Lake, L., & Smith, C. (2014). *South African child gauge 2014*. Cape Town: Children's Institute, University of Cape Town.
- McLaughlin, K. A., Kubzansky, L. D., Dunn, E. C., Waldinger, R., Vaillant, G., & Koenen, K. C. (2010). Childhood social environment, emotional reactivity to stress, and mood and anxiety disorders across the life course. *Depression and Anxiety, 27*(12), 1087–1094. doi:10.1002/da.20762
- Mould, J. (2014). A programme to promote internal resiliency among female adolescents: A cognitive behavioural approach. Ongepubliseerde doktorsese tesis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika.
- Mroczkowski, A. L. (2013). Ethnic identity and coping efficacy as moderators of the relationships between perceived racial discrimination and academic outcomes among urban, low-income latina/o youth. Ongepubliseerde magister-verhandeling, Sielkunde Departement, DePaul Universiteit, Chicago, Illinois. Verkry vanaf http://via.library.depaul.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1065&context=csh_etd
- Olsson, C. A., Bond, L., Burns, J. M., Vella-Brodrick, D. A., & Sawyer, S. M. (2003). Adolescent resilience: A concept analysis. *Journal of Adolescence, 26*(1), 1–11. Verkry vanaf http://www.researchgate.net/profile/Jane_Burns3/publication/10931288_Adolescent_resilience_a_concept_analysis/links/00b7d521de377db8fa000000.pdf

- Pallant, J. (2007). *SPSS survival manual a step by step guide to data analysis using SPSS for Windows* (3rd ed.). Maidenhead, UK: Open Univ. Press.
- Prince-Embury, S. (2006). *Resiliency scales for children and adolescents. A profile of personal strengths*. San Antonio, TX: Harcourt assessment.
- Prince-Embury, S. (2007). *Resiliency scales for children and adolescents: Profiles of personal strengths*. San Antonio, TX: Harcourt assessments.
- Prince-Embury, S. (2008). The resiliency scales for children and adolescents, psychological symptoms, and clinical status in adolescents. *Canadian Journal of School Psychology*, 23(1), 41–56. doi:10.1177/0829573508316592
- Prince-Embury, S. (2011). Assessing personal resiliency in the context of school settings: Using the resiliency scales for children and adolescents. *Psychology in the Schools*, 48(7), 672–685. doi:10.1002/pits.20581
- Prince-Embury, S., & Saklofske, D. H. (Eds.). (2014). *Resilience Interventions for youth in diverse populations*. New York, NY: Springer New York. Verkry vanaf <http://link.springer.com/10.1007/978-1-4939-0542-3>
- Prince-Embury, S., & Steer, R. A. (2010). Profiles of personal resiliency for normative and clinical samples of youth assessed by the resiliency scales for children and adolescents. *Journal of Psychoeducational Assessment*, 28(4), 303–314. doi:10.1177/0734282910366833
- Raine, A. (2002). Biosocial studies of antisocial and violent behavior in children and adults: A review. *Journal of Abnormal Child Psychology*, 30(4), 311–326. Verkry vanaf http://download.springer.com/static/pdf/995/art%253A10.1023%252FA%253A1015754122318.pdf?originUrl=http%3A%2F%2Flink.springer.com%2Farticle%2F10.1023%2FA%3A1015754122318&token2=exp=1435046665~acl=%2Fstatic%2Fpdf%2F995%2Fart%25253A10.1023%25252FA%25253A1015754122318.pdf%3ForiginUrl%3Dhttp%253A%252F%252Flink.springer.com%252Farticle%252F10.1023%252FA%253A1015754122318*~hmac=7fb5c01fccf439b68f8dfd92f7e25615f75d9790b7ec6450b82884a6ddb95ba

- Rew, L., & Horner, S. D. (2003). Personal strengths of homeless adolescents living in a high-risk environment. *Advances in Nursing Science*, 26(2), 90–101. Verkry vanaf www.ncbi.nlm.nih.gov/pubmed/12795538
- Reynolds, A. J., & Temple, J. A. (2005). Priorities for a new century of early childhood programs. *Infants & Young Children*, 18(2), 104–118. doi:10.1097/00001163-200504000-00004
- Rhee, S., Furlong, M. J., Turner, J. A., & Harari, I. (2001). Integrating strength-based perspectives in psychoeducational evaluations. *The California School Psychologist*, 6, 5–17. doi:10.1007/BF03340879
- Richter, L. M. (Ed.). (2004). *Sexual abuse of young children in Southern Africa*. Cape Town: HSRC Press.
- Richter, L. M., & Dawes, A. R. L. (2008). Child abuse in South Africa: Rights and wrongs. *Child Abuse Review*, 17(2), 79–93. doi:10.1002/car.1004
- Romero, C., Master, A., Paunesku, D., Dweck, C. S., & Gross, J. J. (2014). Academic and emotional functioning in middle school: The role of implicit theories. *Emotion*, 14(2), 227–234. doi:10.1037/a0035490
- Seccombe, K. (2002). ‘Beating the odds’ versus ‘changing the odds’: Poverty, resilience, and family policy. *Journal of Marriage and Family Therapy*, 64, 384–394. doi:10.1111/j.1741-3737.2002.00384.x
- Seedat, M., Van Niekerk, A., Jewkes, R., Suffla, S., & Ratele, K. (2009). Violence and injuries in South Africa: Prioritising an agenda for prevention. *The Lancet*, 374(9694), 1011–1022. doi:10.1016/S0140-6736(09)60948-X
- Seiffge-Krenke, I. (1993). Coping behavior in normal and clinical samples: More similarities than differences? *Journal of Adolescence*, 16(3), 285–303. doi:10.1006/jado.1993.1026
- Seligman, M. E. P. (1995). *What you can change – and what you can't: The complete guide to successful self-improvement*. New York, NY: Fawcett Books.
- Shaffer, D. R. (2012). *Developmental psychology: Childhood and adolescence*. Toronto, CA: Nelson Education.

- Sigelman, C. K., & Rider, E. A. (2009). *Life-span human development* (6th ed.). Australia/Belmont, CA: Wadsworth Cengage Learning.
- Silvers, J. A., McRae, K., Gabrieli, J. D. E., Gross, J. J., Remy, K. A., & Ochsner, K. N. (2012). Age-related differences in emotional reactivity, regulation, and rejection sensitivity in adolescence. *Emotion*, *12*(6), 1235–1247. doi:10.1037/a0028297
- Simonds, J. (2006). The role of reward sensitivity and response execution in childhood extraversion. Unpublished doctoral thesis, Psychology Department, University of Oregon, Eugene, United States.
- Smetana, J. G., Campione-Barr, N., & Metzger, A. (2006). Adolescent development in interpersonal and societal contexts. *Annual Review of Psychology*, *57*(1), 255–284. doi:10.1146/annurev.psych.57.102904.190124
- Smith, G., & Palmieri, P. (2007). Risk of psychological difficulties among children raised by custodial grandparents. *Psychiatric Services*, *58*(10), 1303–1310. Verkry vanaf <http://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC2083282/pdf/nihms31126.pdf>
- Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD). (2012). *Police crime statistics*. Pretoria: SAPS. Verkry vanaf www.saps.gov.za
- Staatskoerant. (2006). *Wet op Gesondheidsberoepe, 1974* (wet nr. 56 van 1974). Verkry vanaf http://www.hpcs.co.za/downloads/rules_reg_constitution/thical_rules_rules_of_conduct_generic_2006_08_04_amended_2009_03_30.pdf
- Stangor, C. (2011). *Research methods for the behavioral sciences*. Australia/Belmont, CA: Wadsworth Cengage Learning.
- Statistiek Suid-Afrika. (2013). *Mid-year population estimates*. Verkry vanaf www.statssa.gov.za/publications/P0302/P03022013.pdf
- Steinberg, L. (2005). Cognitive and affective development in adolescence. *Trends in Cognitive Sciences*, *9*(2), 69–74. doi:10.1016/j.tics.2004.12.005
- Steinberg, L. (2008). A social neuroscience perspective on adolescent risk-taking. *Developmental Review*, *28*(1), 78–106. doi:10.1016/j.dr.2007.08.002

- Steinberg, L. (2010). A dual systems model of adolescent risk-taking. *Developmental Psychobiology*, *52*, 216–224. doi:10.1002/dev.20445
- Sun, J., & Stewart, D. (2007). Age and gender effects on resilience in children and adolescents. *International Journal of Mental Health Promotion*, *9*(4), 16–25. doi:10.1080/14623730.2007.9721845
- Theron, L. C., & Theron, A. M. (2010). A critical review of studies of South African youth resilience, 1990–2008: Review article. *South African Journal of Science*, *106*(7 & 8), 1–8. doi:10.4102/sajs.v106i7/8.252
- Thorne, K. J., & Kohut, C. S. (2007). Prince-Embury, S. (2007, 2006). Resiliency scales for children and adolescents: A profile of personal strengths. San Antonio, TX: Harcourt Assessment, Inc. *Canadian Journal of School Psychology*, *22*(2), 255–261. doi:10.1177/0829573507305520
- Townsend, L., & Dawes, A. (2004). Individual and contextual factors associated with the sexual abuse of children under 12: A review of recent literature. In L. Richter, A. Dawes & C. Higson-Smith (Eds.), *Sexual abuse of young children in Southern Africa* (pp. 55–94). Cape Town: HSRC Press.
- Vanderbilt-Adriance, E., & Shaw, D. S. (2008). Conceptualizing and re-evaluating resilience across levels of risk, time, and domains of competence. *Clinical Child and Family Psychology Review*, *11*(1–2), 30–58. doi:10.1007/s10567-008-0031-2
- Van Niekerk, Z. (2013). Coping in die verband tussen blootstelling aan traumatiese gebeurtenisse en substansmisbruik by adolessente. Ongepubliseerde magister-verhandeling, Sielkunde Departement, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika. Verkry vanaf <http://etd.uovs.ac.za/ETD-db//theses/available/etd-07182013-085322/unrestricted/VanNiekerkZ.pdf>
- Visser, M. & Moleko, A. (2012). *Community psychology in South Africa*. Cape Town: Van Schaik.
- Windle, G. (2011). What is resilience? A review and concept analysis. *Reviews in Clinical Gerontology*, *21*(02), 152–169. doi:10.1017/S0959259810000420

Wissing, M. P. (2013). *Well-being research in South Africa* (1st ed.). Dordrecht, NL: Springer.

Zolkoski, S. M., & Bullock, L. M. (2012). Resilience in children and youth: A review. *Children and Youth Services Review*, 34(12), 2295–2303. doi:10.1016/j.childyouth.2012.08.009